



# Kompas

Rigtingwyser vir die Gereformeerde Lewe

Jaargang 14 / no. 6  
Junie 2005

## ... BETER AS DUISENDE STUKKE GOUD EN SILWER

Laat ek dit van my hart kry. Weer 'n uitgawe van Kompas oor die Skrif? Ek was nie so erg opgewonde toe die redaksie daarvoor besluit het nie. U hoef nie bekommerd te wees nie. Die redaksie het nie tog iemand in eie boesem wat die mode navolg om die gesag van die Skrif te bevraagteken nie. Intendeel. Hoe langer, hoe kosbaarder en steeds meer onmisbaar word die Woord van die Here in 'n mens se lewe. Maar daaróór gaan dit nou juis vir my. Oor die Woord van die Here in ons lewens. Die liefde vir dit wat uit die mond van die Here kom. Die begeerte om deur die Here geleer te wees (Ps. 119).

Onlangs beleef ek dit vir die soveelste keer. In 'n vergadering word sorges uitgespreek oor die steeds maar meer uitdagende skrifkritiek. Ek is daar, want ek deel die sorges. Maar ek het net een groot vraag: Wie is die grootste skrifkritikus? Want in dieselfde vergadering word gepraat oor en besin hoe kerklik omgegaan moet word met diegene wat sulke growwe skrifkritiek beoefen. Ek probeer om die Skrif ter sprake te bring. Wat leer die Woord van die Here ons oor die gemeenskap met hulle wat sy evangelie minag of verdraai? Ek probeer nog om die aandag te vestig op wat die apostel Johannes in sy briewe skryf. Ons glo tog in die gesag van die Skrif, nie waar nie? Ons sal deur vuur stap om die gesag van die Skrif te verdedig. Maar almal is besig om te praat oor wat die dwaalleraars doen. Hoe erg die kritiek teen die Skrif is.

Waarom kry ek dan in dieselfde groep van gelowiges (so wil ek hulle graag bly aanvaar) nooit 'n gehoor vir wat die Here in daardie Skrif sê oor hoe om om te gaan met die dwaalleraars nie? Wat beteken dit om die pretensie te hê dat ons veg vir die gesag van die Skrif, maar die Woord maak op ons eie lewens geen appèl meer nie? Of maak die Skrif net appèl op daardie dinge wat ons fundamenteel vir ons geloof vind? Dit lyk vir my na 'n vorm van skrifkritiek wat niks minder ernstig is as die teoretiese kritikus nie. Die Here wil dat sy Woord gebruik word. Geken word. Dat dit vir ons kosbaar sal wees in wat ons elke dag moet doen. Ook in ons gehoorsaamheid wanneer dit kom by ons optrede teen die dwaalleraars. Óók daar wil die Woord van die Here 'n lamp vir my voet en 'n lig vir my pad wees.

Op geen manier mag ons self besluit wat die beste "strategie" sal wees teenoor die vernietigende skrifkritiek nie. Vir ons geld ook hier die eerste reël, nl. dat ons sal moet luister. Hier is dit nodig om die Woord van die Here te oordink. Dag en nag. Fundamenteel in die Skrif is nie hierdie of daardie dogma nie. Fundamenteel, is dat ons sal wil luister na alles wat die Here ons wil sê. Buiten dit is ons besig met kritiek op die Skrif.

### In Hierdie Uitgawe




### Tema: Die verstaanbaarheid van die Bybel

- Die lewende stem van God: Tussen biblisisme en fundamentalisme ... 2
- Belang van agtergrondkennis in die verstaan van die Bybel ..... 4
- Skrifgebruik en etiek ... 6
- Verkoop julle besittings (II) 8
- Verlof neem van die amp! 10
- Venster op die Bybel: Haggai ..... 12
- Israel - skrif & politiek ..... 15
- Werkers van die laaste uur 17
- Liturgie: 'n biddende gemeente .... 19
- Bewonder en bewaar hierdie skat (II) ..... 20
- ICRC ..... 20

# DIE LEWENDE STEM VAN GOD - VIVA VOX DEI

Ds. E Viljoen



## TEMA: DIE VERSTAANBAARHEID VAN DIE BYBEL

Die verstaanbaarheid van die Skrif is nie 'n eienskap wat ons aan die Bybel toeken as gevolgtrekking wat ons maak, nadat ons die Skrif bestudeer het nie. Net soos wat ons nie gesag aan die Bybel kan toeken nie, maar dit in geloof ontvang, só maak ons nie die Skrif duidelik met al ons eksegetiese en hermeneutiese gereedskap nie. Die duidelikheid en verstaanbaarheid van die Skrif is 'n eienskap van die Skrif wat ons gegee word en in geloof ontvang word.

Daar is by ons maar altyd weer die neiging om die Bybel verstaanbaar te probeer maak *sonder geloof*. Dit is die grondfout van Fundamentalisme, dat dit byvoorbeeld sekere dele van die Bybel wil uitsonder as duidelike onderdele daarvan. Dit sou dan die sogenaamde fundamentele "geloofswaarhede" wees. Met alle moontlike goeie bedoelings om die verstaanbaarheid van die Bybel te verdedig op hierdie manier, doen dit eintlik afbreek aan die duidelikheid van die Bybel. Immers beperk dit die verstaanbaarheid van die Bybel tot net sekere dele daarvan.

Die verstaanbaarheid van die Bybel het te doen, nie met net enkele "grondwaarhede" van die Bybel nie, maar met 'n "grondhouding" wat ons moet inneem ten opsigte van die Bybel. Ons moet leer om die Skrif te ontvang as lewende Woord van God. Dit is 'n genadegeskenk wat ons in ons harte ontvang deur die getuigenis van die Heilige Gees ... deur geloof alleen. Hieroor het prof. W. van't Spijker enkele jare gelede verhelderende woorde geskryf wat ek graag hiermee in 'n effens geredigeerde weergawe vir u aanbied (E.V.)

### TUSSEN BIBLISISME EN FUNDAMENTALISME

Die gereformeerde belydenis aangaande die gesag van die Heilige Skrif bevind homself in die middel van twee bekende stromings. **Biblisisme** kom in 'n verskeidenheid vorms voor. Luther en veral Calvyn is biblisiste genoem. Laasgenoemde dikwels met die aanduiding van wettisisme bygevoeg. Die rede daarvoor was dat hy die Ou Testament op een lyn met die Nuwe Testament gestel het, ten minste ten opsigte van die openbaring van God.

Gewoonlik hou biblisiste min rekening met die konteks. Hulle laat 'n teks weerklink sonder dat die klankbord van die hele openbaring daarin na vore kom.

**Fundamentaliste** het 'n aantal opvallende leerstellings en kyk dan dikwels verby die totaliteit van die Skrif. Die Gereformeerde kerke het blykbaar genoeg aan die belydenis en haar inhoud. Daar was min behoefte aan 'n uitbreiding daarvan en die enkele pogings wat aangewend is om tot 'n nuwe belydenis (oor die Skrif, E.V.) te kom, het tot nou toe op niks uitgeloop nie. Dit is ook die vraag of ons op die punt van die gesag van die Heilige Skrif werklik in afwagting is op 'n nuwe uitspraak. Wie die verloop volg van dit wat deesdae in die binnekring van gereformeerde belyers bespreek word, word nie regtig daardeur oortuig nie.

Dit lyk asof daar in die kringe van evangeliese biblisiste en fundamentaliste die verlange na vore kom om die kwessie van die Skrifgesag vir eens en vir altyd grondig te ondersoek. Nader aan ons hoor ons ook stemme wat vra vir 'n hernude studie aangaande die leer van die inspirasie en die Skrifgesag.

### LEWENDE STEM

Kan ons nog klaarkom met dit wat die belydenis oor die Bybel uitspreek? Laat die Reformasie ons op hierdie punt nie in die steek nie? Die manier waarop Luther met die Bybel omgegaan het, bevat in elk geval 'n element wat ons op geen enkele manier kan mis nie. Vir hom was die Bybel die lewende stem van God, die *viva vox Dei*. 'n Mens sou die vraag aan hom kon stel of hy nie dalk meer aandag kon geskenk het aan die totaliteit van die Skrif nie, op een lyn met die *sola scriptura*. Maar dit verander nie werklik aan die saak nie. Luther het die lewende stem van die lewende God in die Heilige Skrif gehoor en daaraan wou hy gehoorsaam wees.

By Calvyn tref ons dieselfde terminologie aan: "Soos ek nog onlangs gesê het, behoort ons vas te hou dat die leer van die geloof nie

#### Eienaar en uitgewer:

Stigting Woord en Wandel  
G de Jager (voorsitter)  
BJ Kamphuis  
A Bron (sekretaris)  
Tel. (012) 332-0943

E-pos (stigting):  
berendkamphuis@telkomsa.net

Drukker: Printburo  
Tel. (012) 335-9134

Kernredaksie: ds E Viljoen  
(eindredakteur)  
Mev. M de Vries  
ds C Kleijn  
J Moes  
A Roos  
ds J van der Linden

Redaksie: Mev. JW Douma  
Saxenburgsingel 14  
Oakglen  
Bellville 7530  
Tel. (021) 919-5176

E-pos: Kompas@Cybertrade.co.za

Nederland: Mev. H van de Weide  
Oldenkottebrink 60  
7544 LP Enschede  
Tel. (053) 478 4561

Administrasie: Mev. J van Dijk  
Posbus 23931  
Gezina 0031  
Tel. (012) 332-1107

Elektroniese betalings:  
Stigting Woord en Wandel  
Nedbank Gezina  
Takkode: 16 03 45  
Rek. nr: 1603 031 820  
Vermeld asb. u Naam & Lidnr

#### Intekengelde (per jaar):

E-pos: RSA R40  
Buiteland • 10  
RSA: R80 (per hand)  
R90 (per pos)  
Buiteland: Seepos • 30  
Lugpos • 40

bevestig word nie totdat ons sonder twyfel daarvan oortuig is dat God die Outeur daarvan is. En daarom ontleen ons die hoogste bewys van die Skrif orals aan die persoon van die sprekende God.”

Luther en Calvyn vertolk 'n grondopvatting van die Reformasie. Rome het die gesag aan die kerk verbind. Die hervormers het geen teorie of beskouing oor die Skrif gehad nie; hulle het die stem van God gehoor in die Woord wat verkondig is. “Die Skrif sal by die gelowiges met geen ander reg volledige gesag verkry nie, as wanneer hulle vasstel, dat dit uit die hemel voortgekom het, asof hulle die lewende stemme daar self van God gehoor het.”

Hier het ons die hermeneutiese beginsel – as 'n mens dit so sou wou noem – wat aan alle reëls vir die Skrifuitleg voorafgaan. Dit is so allesbeheersend, so deur en deur reformatories, dat ons dit nie kan of wil prysgee nie. Dit is 'n totaal andersoortige hermeneutiese beginsel as wat sedert die Verligting in allerlei wysgerige variasies aan ons opgedring is.

### **LEWENSHOUDING**

Daar loop twee lyne deur die geskiedenis, wat soms rakelings by mekaar verbygaan en wat nogtans 'n ander oorsprong, 'n ander ontwikkeling en 'n ander doel het. Die spreuk van die Reformasie het niks te doen met die slagspreuk wat 'n mens soms nog hoor, asof die Bybel uit die hemel geval het nie: 'n dooddouner, wat ons doodgewoon moet vergeet.

Daarenteen het die standpunt van die Reformasie alles te make met 'n totaalbegrip, of beter gesê, met 'n lewenshouding wat deurdrenk is met die lewende water van die openbaring van die lewende God. Dit is opmerklik dat Calvyn se fyngvoelige uiteensettings oor die Skrifgesag in 'n soortgelyke terminologie gebied word, dit wil sê met ongeveer dieselfde bewoording, wanneer dit gaan oor die Skrif, oor die kindskap van die gelowiges en oor die oortuigende sekerheid van die geloof. Die getuienis van die Gees oortref alle soorte van



rasionele bewyse, waarvan Calvyn nogtans 'n hele aantal kon opsom. Hulle is beslis nie sonder waarde nie. Hulle is kragtig genoeg om te dien ter bevestiging van die geloof in die Skrif.

Maar dit gebeur tog eers agteraf. Die geloof in die Skrif as Woord van God rus uiteindelik op die getuienis van die Gees, waarmee Hy hierdie geloof in ons harte verseël. Gesag van die Skrif berus op hierdie getuienis, wat op dieselfde manier die geloof self tot stand laat kom. Calvyn se sorgvuldig opgeboude geloofsomskrywing bevat presies dieselfde elemente as wat ons vind by sy vaststelling van die Skrifgesag. En die hele saak kom weer opnuut aan die orde waar die persoonlike heilsekerheid herlei word tot die verseëling met die Heilige Gees.

Die gevolgtrekking lê voor die hand: die kwessie van die hermeneutiek word beheers deur die realiteit van die Skrifgesag, soos die sprekende God dit laat werk in 'n totaliteit van geloofslewe en geloofsinsigte. Wanneer dit die geval is, dan is daar baie meer gaande met die “verskuiwende Skrifgesag” as net 'n wysiging in 'n beskouing. Wat is 'n beskouing, 'n opinie, 'n mening of opvatting anders as 'n simptoom, en dan ook nog maar 'n uiterlike simptoom, van 'n lewenshouding? Dit gaan nie om opinies (*opinionones*) nie, maar om die sekere waarheid (*assertiones*)!

### **NOODREM**

Daar is 'n verskuiwing aan die gang, 'n greep na die noodrem van die biblisisme of van die fundamen-

talisme. Of moontlik 'n nuwe eksperiment op die terrein van die Skrifgesag. Maar watter nuwigheid kan op hierdie gebied nog gevind word, wat nie al heelwat vroeër, baie duideliker, soms ook meer gekamoeefleer, daar was nie? 'n Nuwe verslag? 'n Nuwe studie? Wie sal dit doen met voldoende oortuigende vertroue van hulle wat tog reeds genoeg het aan die belydenis? Moet daar méér gesê word, of moet daar iets anders gesê word?

Konsentrasie op dit wat ons lees, beteken nie 'n verswakking nie: God laat Homself ken deur sy heilige Woord (art. 2 NGB). Dit is 'n besondere sorg van God vir ons saligheid (art. 3 NGB). Al hierdie boeke aanvaar ons as heilig en kanoniek, omdat die Heilige Gees in ons hart getuig dat hulle van God is (art. 5 NGB).

Laat ons ontvanklik bly wanneer dit gaan om die gesag van die Skrif. Ons ontvang. Wat wil 'n mens eintlik meer wanneer God se stem hoorbaar word, lewend word, en gehoorsaam word soos dit klink in die Skrifte? Wat daarna nog kan kom, sal dien om te bevestig wat God eers gegee het. Nie om die geheim van die Skrif te ontrafel en sodoende weg te neem nie.

Redigering en vertaling van:  
**Tussen biblicisme en fundamentalisme**, deur prof dr W van't Spijker. In: *Nederlands Dagblad*, 07 Januarie 2002 ▣

# DIE BELANGRIKHEID VAN AGTERGRONDKENNIS IN DIE VERSTAAN VAN DIE BYBEL

Ds P. Nel



## TEMA: DIE VERSTAANBAARHEID VAN DIE BYBEL

In die artikel wil ek die belangrikheid van agtergrondstudie in verhouding met die belangrikheid van die Bybel self probeer stel. Ek wil wys dat agtergrondstudie van die Bybel uiters belangrik is, maar dan tog ook nie naastenby so belangrik soos die konteks van die Bybel self nie.

Wanneer mens praat van die “belangrikheid” van die agtergrond van die Bybel kom daar by sommige skeptiese vrae op, soos: Is dit werklik belangrik? Is dit nie juis wanneer mense begin grawe in allerlei dinge buite die Bybel om, dat daar allerlei dwalinge ontstaan nie? Kyk maar net wat die Bybel in Praktyk en Bybellenium nie alles optower uit die agtergrond van die rol van die vroue in Efese nie! Laat ons dan onmiddellike toegee dat dit inderdaad so is wanneer mense die belangrikheid van agtergrondkennis van die Bybel net so belangrik of belangriker as die Bybel self ag. Dit is die geval by baie van die aanhangers van die sosio-historiese benadering, wat gewoon die teks van die Skrif oorrumpel met allerlei boewe wat uit die agtergrond aanstroom.

Maar laat ons ook nie al te regverdig probeer wees nie! Enige gedeelte in die heilige Skrif, trouens enige teks wat ooit ontstaan het, het ontstaan in ‘n bepaalde situasie van tyd, geleentheid en plek. Iemand het op ‘n bepaalde tyd, êrens sy pen op papier gaan sit met ‘n spesifieke rede. Wanneer mens dan so teks kan terugkaats in dié oorspronklike situasie is dit soos om ‘n edelsteen wat lank eenkant gelê het weer te versoen met sy plek op ‘n antieke vaas wat ontdek is. Die kosbare steen word nog soveel mooier en kom tot sy volle reg. Selfs die vaas, al is dit veel minder werd as die steen, word ook meer aanskoulik.

Maar laat ons eers verder praat oor wat as “agtergrond” moet geld. Die agtergrond van die teks het verskeie dimensies of vlakke. Dié verskillende dimensies kan basies in twee verdeel word, naamlik die nie-Bybelse én die Bybelse dimensies. Met ander woorde die edelsteen het self verskillende vlakke en so het die vaas. Ek maak doelbewus dié punt omdat die Bybelleser dikwels regoor die uiters belangrike taak van navorsing oor die gedeelte se plek in die Bybel self spring en dan direk na verklaringe buite die Skrif hardloop. Nee, die Skrif self is altyd ons eerste verwysingsraam (2 Tim 3:16) en is sy eie verklaarder. Dit moet eers geraadpleeg word as eerste konteks (Hand 18:11).

Met Bybelse agtergrond bedoel ek dus in dié bespreking al daardie feite oor die teks en sy situasie wat ons vanuit die Bybel self kan inwin. Dit kan dinge wees soos die direkte historiese gegewens rondom die teks self. As ons byvoorbeeld in Matteus 28:19 lees dat Jesus sê “gaan maak dissipels van alle nasies, doop hulle en leer hulle ....” weet ons uit die onmiddellike konteks dat Hy met die elf dissipels praat (Matt 28:16), nadat Hy pas opgestaan het (28:6) en dat Hy hulle nou met die splinternuwe Opstandingsevangelie die “nasies” vir die eerste keer gaan bereik (28:18-20). Ons weet dit alles uit die teks en sy onmiddellike konteks self en uit sy plek in die groter Evangelie. Dit is ‘n sendingsituasie! Die vers sê daarom dat sekere mense, mense wat nog nooit die Evangelie gehoor het nie, eers dissipels gemaak moet word en dat hulle dan gedoop word. Die verse kan, so gesien, nie bedoel wees om ons te leer dat nét grootmense gedoop moet word, soos die baptisties gesindes leer, nie. Omdat dié vers dan ook die eweknie van Markus 16:16 is, mag ons ook weet dat ook daardie vers

nie, die sakrament van die doop en redding gelykstel nie.

Nog ‘n voorbeeld. Die Bybelse konteks uit een gedeelte kan ons begrip oor ‘n ander gedeelte enorme perspektief gee. So sal die beskrywing van Lukas, van wie waar heerser was in ‘n sekere tyd die kruisgebeure verhelder. Lukas help ons om die vreemde situasie te verstaan waarom twee verskillende gesaghebbers dan beide in Jerusalem aan Jesus se verhoor deelneem tydens die Paasfees. Lukas wys ons immers in Lukas 3:1-2 dat Herodes is eintlik die regeerder in Galilea is, maar omdat hy “Jood” is en ‘n Galileër, is hy in Jerusalem, in Pilatus se magsgebied vir die fees (Luk 23:6-7). Dié feit word helderder wanneer ons kaarte van die antieke wêreld bestudeer en presies sien hoe die regeringsgebiede destyds opgedeel was.


Ander kosbare inligting wat uit die Bybel self wink is byvoorbeeld tipiese gebruike van die mense van hulle tyd, wat in die Bybel self gegee word en wat nié noodwendig gebruike is wat hulle van God self ontvang het nie (Vgl Mark. 7:3-4; Matt 15) of die biografiese gegewens oor iemand soos Paulus se lewe (Hand 21:3 vv), wat jou help om hom in perspektief te sien; die beskrywing van die klimaat van die land, die fauna en flora ensovoorts, in die Skrif self. Hieroor bestaan daar ook vele hulpmiddels, soos ensiklopedieë, atlasse en konkordansies. ‘n Liefde om vanuit die Skrif self inligting te vergader maak die leser ‘n ingeligte en ryk Bybelleser. So iemand is gewoonlik ook in staat om die insurgensie van nie-akkurate agtergrondinligting, vreemde voëls wat die Bybel wil verdoesel, te herken. Hy wat geoefen is in eie “kuikens tel” sien onmiddellik as daar ‘n vreemde voëltjie die broeisel ingesluip het!

Hierdie tipe inligting uit die heilige Skrif self behoort swaarder te weeg as inligting uit nie-Bybelse bronne. Nie omdat daar nie ongelykheid in die Skrif kan wees nie, maar omdat sulke skynbare ongelykheid eerder as gevolg van ons eie onkunde na ongelykheid lyk. Hiervan is 'n pragtige voorbeeld die klaarblyklike twyfelagtige beskrywing van Lukas van die leiers van die stad Tessalonika as "politarchas", wat ons vertaal het as "stadsowerhede" (OAB) of "stadbestuur" (NAB; Hand 17:6, 8). So titel was vir jare onbekend en onbewese en daarom was Lukas deur kritiese navorsers verdink van 'n foutiewe beskrywing. Onlangse opgrawings in die omgewing van Salonika, die destydse Tessalonika, het egter gewys dat die titel daar algemeen in gebruik was.

Die belangrikheid van die Bybelse (en nie-Bybelse) agtergrondkennis van die teks kan erg onderskat word. Dit word onderskat wanneer mense die Bybel op Biblihistiese wyse wil hanteer asof die verskillende Bybel-boeke nie teen 'n spesifieke agtergrond en in 'n spesifieke plek in die heilsgeskiedenis ontstaan het nie. So siening word gewoonlik baie goed bedoel, maar dit ook baie gevaarlik, al klink dit ook hoe gereformeerd en "Skriftuurlik" (vgl artikel 7 NGB). Die Bybel is 'n wonderlike boek, dit is tog God se eie openbaring en dit spreek tot ons soos geen ander boek ooit kan nie. Dit is ook so dat mense al in eenaardige situasies wonderbare boodskappe uit die Skrif ontvang het, soos om sendeling te word of om hom of haar te bekeer, maar dit mag nie ons gebruik van die Bybel bepaal nie. Bibliisme is juis om van die Bybel 'n soort kristalbal te maak, 'n boek wat mens net op enige plek kan oopslaan en daaruit lees vir 'n klinkklare antwoord. So domineer ek self, en nie die sogenaamde liberale professor nie, die boodskap! Die boef wat die Skrif verdoesal kom nie nou uit die agtergrond nie, maar uit die ondergrond van my eie hart! Ek lees God se woord met ongegronde selfsug en eiebelang, ja selfs met luiheid, eerder as om met toewyding en nederigheid die Woord van God te gaan worstel! Die Bybel is dan

gerieflikheidshalwe, net soos die Koran, 'n boek wat uit die hemele geval het om my in my situasie te vergoddelik.

'n Goeie voorbeeld van waar die agtergrondkennis van die Bybel onderskat kan word is die vertelling van die Evangelies oor Jesus se vervloeking van die Vyeboom (Matt. 21:19-21; Mark. 11:18,19). Ons kan maar lees soos ons wil, die reaksie van Jesus word slegs duidelik wanneer ons uit botaniese kennis, buite die Bybel om!, opdoen. Slegs dan weet ons dat die boom met sy blare voorgegee het om iets te wees, wat dit nie is nie, naamlik 'n boom wat al vye het. Ons moet weet dat die "voorvye" en die eerste blare van die



vyeboom saam verskyn het. Jesus het dus met reg vye verwag, maar niks anders gevind as blare nie! Dié ontnugtering tesame met die ontnugtering van die "vyeboom" by wie Hy juis kom besoek aflê, naamlik Jerusalem, en sy pretensie dat hy die Messias verwag, laat ons die oordeel oor die stad nog beter begryp. Die Messias tref wel godsdiens daar aan, net soos Hy blare aan die vyeboom kry, maar Jerusalem dra geen vrug nie! Die Pasga is aan't kom, maar die Lam van God word juis verwerp!

Agtergrondkennis en Bybelse konteks kan mekaar ook pragtig komplimenteer. Wanneer mens byvoorbeeld (net) vanuit 1 Thessalonicense 4 wil aanwys dat die wegraping en die finale koms van die Here Jesus dieselfde dag is, laat jy kosbare agtergrondkennis onnodig lê. Soos die leser seker weet is daar mense wat leer dat die

wegraping 'n gebeurtenis is wat stillertjies gaan plaasvind en dan ook nog plaasvind voordat die Here finaal kom om te oordeel. Vir dié model om te werk moet die gebeure rondom die wegraping 'n stil, geheime gebeurtenis wees, onderskeie van die verblindende en oorverdowende "tweede" of finale koms.

Nou is daar natuurlik meer as genoeg inligting in die teks van 1 Thessalonicense om te wys dat daar juis van 'n dawerende gebeurtenis gepraat word. Jesus sal self roep en dit is geen sagte roep nie. Sy roep gaan gepaard met die stem van 'n aardsengel en met die basuin van God. Die konteks ken geen subtiële "wegsteel" toneel nie! Almal sal dit sien en hoor!! Wederkoms en wegraping sal alles gelyktydig gebeur. Die teks wys dus reeds dat die stille wegraping 'n stille dood sterf, maar daar is ook méér! Dié toneel word net nog duideliker as ons uit agtergrondstudie leer dat die "ontmoeting in die lug" (1 Thess 4:17) 'n baie duidelike gebeurtenis aandui wat die lesers van Tessalonika baie goed sou raaksien. Die woord vir "ontmoeting" was tekenend van die besoek van 'n belangrike persoon aan 'n stad, iemand soos die keiser. Die keiser het dan boodskappers vooruit na die stad gestuur om die stad vooraf te waarsku dat hy op pad is. Die stad het dan sy huis in orde gekry, die gevangnisse reggekry dat die koning kan kom regsprek en vonnisse fel. Die stadvaders sal dan ook 'n spesiale geselskap vooruit gestuur het om die keiser op pad, naby die stad, buite die poorte, te ontmoet. Dié ontmoeting was baie bekend en spesiaal en dit was genoem "hapantezin", 'n blye ontmoeting en 'n vergesel terug na die stad. Dit alles was deel van die proses van een besoek!! Ontslapenes en nie-ontslapenes sal God dus voor die stadspoorte tegemoetgaan. God sal hulle na Hom toe raap in sy neervaart! Almal sal die basuine hoor en saam sal hulle die stad tegemoetgaan.

Waarom sou ons die koevert weggooi as daar ook belangrike inligting op is?!! ☩

# DIE BYBEL EN ONS BEGRIP VAN WAT GOED IS

Ds E. Viljoen



## TEMA: DIE VERSTAANBAARHEID VAN DIE BYBEL

Ons etiek is Christelik. Dit klink so eenvoudig. Met die eerste oogopslag byna niksseggend in die eenvoud daarvan. Tog sê dit ook weer alles. Dit sê waaroor, beter gesê, oor Wie dit gaan in ons besluite oor wat goed en wat kwaad is. Wanneer ons sê dat ons etiek Christelik is, wil ons daarmee ook laat verstaan Wie die Een is wat bepalend is vir wat vir ons as Christene (en die hele wêreld!) reg en verkeerd is. Ons wil daarmee sê dat wanneer ons op soek is na wat God van ons vra om te doen of te laat of van weg te vlug, begin ons nie met 'n gebod nie. Ons begin met 'n Persoon. Met Christus. Hy is ons Here. Die gebooie kan ons nooit los van Hom en ons identiteit wat ons van Hom kry, verstaan nie. Só funksioneer die Bybel as God se boek aan ons wat ons wil help om te verstaan wat goed en kwaad is.

### **DIE EEN WAT GOED IS**

“Goeie meester, watter goeie ding moet ek doen, dat ek die ewige lewe kan hê?” (Matt. 19:17). Met hierdie vraag kom die ryk jongman na Jesus. Hy wil graag die ewige lewe hê. Tegelyk weet hy dat die ewige lewe nie los staan van die goeie wat ons hier op aarde doen nie. Die goeie moet heel konkreet word. Daarom verwys die Here Jesus hom dan ook na die goeie gebooie van die goeie God. Dit is net God alleen wat goed is. Dit is so belangrik vir ons verstaan van wat die Bybel se verstaan is van wat goed en kwaad is.

Die goeie gebooie van God sal ons kan laat sien wat goed is. Dit is egter ook nie die einde van Jesus se antwoord aan die ryk jongman nie. Die gebooie kan net verstaan word in hulle verhouding tot Jesus

self. Volmaaktheid kom nie deur net na die gebooie alleen te kyk nie. Die jongman vra self wat hy nog kortkom nadat hy die gebooie gehou het van sy jeug af (Matt. 19:20). Dan tree Jesus self as Wetgewer na vore: “As jy volmaak wil wees, gaan verkoop jou goed en gee dit aan die armes, en jy sal 'n skat in die hemel hê; en kom hier en volg My” (Matt 19:21).

### **LEWE MET DIE GOEIE GOD**

Die goeie van God wat gedoen moet word, lê nie in die gebooie self nie. Dit lê in God. Nader omskryf - dit lê in Jesus self wat die goeie God is wat tot by ons gekom het. Daarom moet Hy nagevolg word. Hy is inderdaad die Meester wat ons leer wat goed is. Vir die ryk jongman word die goeie gebooie glashelder, wanneer dit verstaan word in dit waartoe die Here Jesus hom oproep. Hy moet alles gaan verkoop en Jesus in sy armoede op pad na die kruis volg.

Die Here Jesus wil hê dat ons noukeurig sal nadink oor wat goed is. Ons kan en mag nie as Christene leef met 'n “reëlboek” nie. Ons het met iemand te doen wat self goed is! Die goeie weg wat ons moet volg wat uitloop op die ewige lewe is Jesus Christus self. God se genadige goedheid wys die weg van 'n goeie lewe. Lewe vanuit God se goedheid. Die goeie lewe wat die Here van ons vra, is 'n lewe met Hom. Daaroor gaan dit.

Die goedheid in ons lewens moet iets weerspieël van God se goedheid. Ons moet volmaak wees soos ons hemelse Vader volmaak is (Matt. 5:48). Dit is wat dit beteken om beeld van God te wees. Ons moet in ons doen en late 'n afbeelding wees van God se goed-

heid, volmaaktheid, heiligheid, barmhartigheid en lankmoedigheid. Dit is waarom ons nie beelde mag maak van wat bo in die hemel is nie. God is die Een wat beelde maak. Hy maak ons as sy “draers” van sý beeld. Ons lewenswandel moet heilig wees, want God is heilig: “Wees heilig, want Ek is heilig” (1 Pet. 1:16).

Méer as gebod, vóór die gebod Ek vind dit (in die Skrif!!) ontsettend belangrik dat daar eers iets met ons moet gebeur voordat ons enigsins die gebooie van die Here in ons lewe kan toepas en gebruik. Is dit nie ook presies wat die Here Jesus vir die ryk jongman wil sê nie? Die jongman begin met die gebooie wat hy gehou het vandat hy jonk was. Presies dáár lê egter die probleem. Christus wil dat hy sal verstaan wat goed is, deur hom eers 'n nuwe identiteit te gee.


Die ryk jongman moes sy foto op sy identiteitsdokument wat vanuit die wet bepaal was, inruil vir 'n nuwe identiteitsdokument. Daarsonder kan hy nie goed doen nie! Hy moes raakgesien (herken) word, nie as iemand wat die wet onderhou nie, maar as volgeling van Jesus Christus wat as arm verwerpe Middelaar op pad is na die kruis. Juis dan word goeie invulling gegee aan die gehoorsaamheid van die Wet.

Net soos wat die identiteit van Israel nie bepaal is deur die tien gebooie op die kliptafels in die eerste plek nie. Die Here gee nie die tien woorde op die kliptafels in 'n lugleegte vir hulle nie. Vóór die gebod, is daar iets veel meer.

Hulle identiteit word bepaal vanuit die Here hulle God wat hulle uit Egipteland, uit die slawehuis uitgelei het. Die heerlijkheid van die Here het weer oor hulle kom skyn! Wanneer Moses van die berg kom, sien die volk weer hierdie heerlijkheid van die Here wat van Moses se gesig afgeskyn het. Dit was vir hulle verblindend. Maar daarin lê wel hulle identiteit.

Moses self verwoord dit heel aangrypend as hy vir die volk intree nadat hulle daar by die berg met die goue kalf gesondig het. Wanneer die Here vir Moses en die volk beveel om na die beloofde land op te trek met die gebooie, maar dat die Here self nie in hulle midde sal optrek nie, ween die volk (Eks. 33:1-4). Hoe kan hulle met 'n ark en die kliptafels verder, as die Here self nie by hulle is nie? Sy heerlijkheid moet by hulle wees. Sonder die Here se teenwoordigheid by hulle, het hulle met kliptafels en al net soos enige van die ander volke geword. Daarom bid Moses tot die Here: "As U nie self meegaan nie, laat ons dan nie hiervandaan optrek nie" (Eks. 33:15).

Dit is onmoontlik om op die weg van die Here se gebooie te gaan sonder die Here self. Hy bepaal ons identiteit. Sy genadige teenwoordigheid by en in ons is ons identiteit. Hiermee raak ons aan só 'n belangrike aspek van ons lewe met ons Verbondsgod. Ek kan 'n kind van hierdie verbondsgod wees, sonder dat ek eers sy gebooie begin gehoorsaam het. Hy máák my eers sy kind. Die Here bevry



eers vir Israel uit slawerny, en gee dán sy Wet aan hulle as identiteitsmerker. Die omgekeerde kan egter nóóit waar wees nie. Dit is onmoontlik om op die weg van God se gebooie te gaan, sonder dat ek 'n nuwe identiteitsdokument uit God se genade alleen gekry het. Méér as die gebooie, nl. God self in sy genade, gaan vóór die gebooie.

### **GOD LEER KEN**

God se wil vir ons lewens sal onduidelik bly, as ons daarom nie die hele Bybel wil lees nie. Ons is vir die verstaan van wat reg en verkeerd, goed en kwaad is, nie net van God se gebooie afhanklik nie. Die gebooie word "verpak" binne 'n pragtige genadegeschiedenis wat die Here met sy kinders gaan. Om te verstaan wat die goeie en volmaakte wil van die Here vir sy kinders se gehoorsaamheid is, moes hulle (en ons!) denke eers vernuwe word. Wil ons nie aan hierdie sondige wêreld gelykvormig word nie, moet ons eers verander word. Deur die vernuwing (van ons gemoed) wat plaasvind, kan ons dan ook die volmaakte wil van God vir ons lewe ontdek (Rom. 12:1-2).

Die duidelike wil van die Here lê daarom nie in die gebooie van God

per se nie. Ons etiek is nie 'n gebooie-etiek nie, maar 'n Christelike etiek. Dit word bepaal vanuit Christus. Hý is God se volmaakte reddingswerk in die laaste dae vir ons. Ons verstaan van goed en kwaad sal daarom in menigte opsig nie gevorm word deur die gebod van God nie, maar deur te let op wie en hoe God is in Christus Jesus. Om Hom te kan ken is tog die lewe!! (Joh. 17:3).

Dit sal ons verstaan van God se wil vir ons lewe verhelder as ons weer die woorde van Calvyn reg aan die begin van sy Institusie wil ernstig opneem. Calvyn skryf: "Byna die volle eindtotaal van ons wysheid, ... bestaan uit twee dele: kennis van God en kennis van onself". Wysheid oor wat reg en verkeerd is, begin nie by die gebooie nie, maar by God en wie ons is in ons verhouding tot God in Christus.

As God se wil in die Bybel vir ons verstaanbaar is, sal dit wees nadat ons dan ook meer as net die wet lees. Ons sal begin by Genesis om God te leer ken as Skepper en ons sal let op Openbaring 22 waar ons die voleinding van die wêreld in perspektief kan begin kry. Is dit nie wat die Here self ons leer wanneer Hy sy wil vir sy volk t.o.v. die Sabbat, terugneem na die geskiedenis van die Here self met sy skepping. Hy het ses dae gewerk en die sewende gerus. Die geskiedenis van God se werke vorm die basis vir sy gebooie aan ons. Vir verstaanbare etiek, het ons die duidelike inhoud van die hele Bybel nodig. ☩

**Temas wat in die volgende maande in *KOMPAS* bespreek gaan word:**



**Julie 2005: Toekomsverwagting**  
**Augustus 2005: Afrika konflik**  
**September 2005: Skoolverlating en dan ...?**

# VERKOOP JULLE BESITTINGS (II)

Ds J van der Linden

## LEER EN LEWE

“Verkoop julle besittings”.

Tot dusver het ons gesien dat hierdie opdrag van ons Verlosser moontlik is omdat dit omring word met ryke beloftes. ‘n Skat wat ontvang word. ‘n Skat wat God se eie Seun is. ‘n Skat wat onuitputlik is. Almal beloftes wat die radikale gehoorsaamheid *moontlik* maak. Hierdie artikel wil wys hoe die ryke beloftes my nou ook *dring* tot radikale gehoorsaamheid.

“JULLE VADER WEET ...”

Dit is binne die konteks van ons sorg oor die lewe dat Christus hierdie saak van ons besittings aanroer. Dit gaan tog oor die heel basiese lewensvraag van ons versorging. Dit is by hierdie onderwerp waar ons juis baie keer terughoudend, versigtig word. Maar by die Here Jesus vind ons ‘n baie radikale uitkyk op hierdie saak! Hy sê hierdie woorde in die eerste plek vir sy dissipels, hulle wat in elk geval amper niks het nie. Aan *sulke* mense word hier gesê om maar hulle besittings te gaan verkoop, want in wese het dit niks met hulle versorging te make nie!

Dit klink hier amper asof Christus ons as mense nie ken nie. Weet Hy dan nie dat ons baie keer moeilike besluite moet neem oor ons toekoms nie? Het Hy dan nie gesien hoe ons al by die broodlyn omgedraai het nie? Ken Hy dan nie die werklikheid van leiding gee aan ‘n besigheid wat moet wins maak nie? Weet Hy dan nie hoe ons ma’s elke maand skrik as hulle sien hoe die pryse nou weer gestyg het nie? Ken Christus dan nie die werklikheid van ons lewe nie?

Hy het mens geword en onder ons kom woon. Dit is die antwoord! Hy ken baie definitief ons swakhede,

ons sorg, ons moeites. Maar daarom kom Hy ook met werklike verlossing! Hoor maar sy verlossing in Lukas 12:30b vir so ‘n lewe van sorg: *Julle Vader weet wat julle nodig het.*

Dit is Koning Christus se verlossende Woord! Ons het nie *nodig* om veiligheid te soek nie. Ons het nie *nodig* om na onself toe te leef nie. Ons het nie *nodig* om te versamel nie, want ons Vader *weet* wat ons nodig het. As ons Christus se Vader in die hemel het, dan het ons *alles*. Dan kan ons selfs maar ons besittings gaan verkoop!

Ons versorging word nie bepaal deur *wat* ons het nie, maar deur *Wie* ons in ons lewe het! Laat ons daarom maar iets nuttigs met ons orige geld en besittings gaan doen, want vir ons versorging het ons dit werklik nie nodig nie!

So het die Seun, Jesus Christus, ook werklik geleef: My Vader weet wat Ek nodig het! En Hy het Hom gaan bepaal by die koninkryk. En as dit geld vir Vader se Eniggebore Seun, sou Hy dan nie ook vir ons so aansien nie? Ons wat in Christus kinders van Vader geword het? As ons Vader se Eniggebore Seun as ons grootste skat bly vashou, hoe sou Vader dan ooit aan ons versorging kan verbygaan? Ja, ook al is ons kinders wat so sleg kan vertrou, wat nog so gerig is op eie finansiële veiligheid, wat so geneig is om met ons besittings na onself toe te leef: Christus as u skat *waarborg* God as u Vader! *Christus* as u skat *waarborg* God as u *Vader!*

En dit sê alles: Ek het ‘n Vader!

## KIES OM ARM TE WORD

Ons sien dus dat hierdie skat ons nie eendag in die hemel ryk maak nie, maar dat ons met hierdie skat ryk *is*. Ryk in God!

En nou mag ons gaan wys hoeveel waarde hierdie skat vir ons het, en hoe sterk ons elke dag uit hierdie skat wil leef, deur self arm te word. Self kies om arm te word.

En dan gaan so ‘n keuse oor meer as net ‘n toets of ons uit die beloftes of uit ons besittings wil leef. Christus kom maak my vry van hierdie laste en sorg oor my lewe, *sodat ek my met hart en siel kan rig op sy koninkryk.*

So het my Verlosser my lewe kom maak:

Volledig *vry*, sodat ek *dienskneg* in sy koninkryk kan word.

As Hy letterlik *alles* van vandag en môre op Hom geneem het, dan kan ek ook letterlik met *alles* diensbaar gaan staan in sy koninkryk. Geen *sorge* meer oor myself nie, sodat ek kan *ver-sorg* in hierdie wêreld.

Omdat Hy *ten volle* gerig is op my, daarom kan ek my *ten volle* rig op my naaste.

Hy het my (as deel van hierdie klein kuddetjie) die grootste skat in hemel en aarde kom *gee*, sodat ek met ‘n vol hart en met vol hande kan *uitdeel* in hierdie wêreld.

**Omdat Christus my ryk maak, daarom kan ek met die volste vertrou en oorgawe kies om self arm te word vir sy koninkryk.**

## GERIG OP DIE KONINKRYK

Nou kan ons as mans in ‘n harde en selfsugtige besigheidswêreld gaan staan en die beeld van Christus gaan vertoon: eerlik, opreg, diensbaar. Ons hoef nie meer ons prinsipes te gaan verloën omdat ons versorging van hierdie werk afhanklik is nie. Ek is vry om voluit gehoorsaam aan Koning Christus te bly!



En ons as vrouens kan nou met 'n lied in ons hart gaan inkopies doen, ook al styg die pryse elke dag. Hoe heerlijk eenvoudig het ons lewe nou skielik geword. Alles kry hierdie een fokus: Die skat, Christus en sy koninkryk! Alles word aan hierdie doel diensbaar gemaak: My tyd, my finansies, my ontspanning, my huwelik, my werk .... Orals waar ek gaan, het ek net nodig om my by hierdie een saak te bepaal. So eenvoudig, so rustig, so heerlijk!

Maar dan moet hierdie een saak ook werklik *bepalend* wees. Wanneer ek 'n paar skoene nodig het om my werk te kan doen, kan ek hulle rustig "skoene vir God se koninkryk" noem. Maar kan ons dit ook sê van ons tiende paar skoene? Tot in die kleinste dinge word die bepalende faktor: Is dit opbouend vir God se koninkryk?

Nou sien ons ook hoe kleingelowig en dwaas dit is om ons geld op te deel tussen "geld vir die kerk" en "my geld". So asof dit ons geld is! Dit kom dan vanuit die bron Christus na ons toe vir sy koninkryk! So asof ons die geld so nodig het vir onself: ons het dan 'n onuitputlike skat gevind!

Wie Christus as sy skat gevind het, by hom word aardse skatte (ons geld en ons besittings) 'n *middel* om nog meer van Christus se koninkryk te kan sien. Geld en besittings: *volledig* 'n middel om meer van Christus se rykdom te sien!

### **GEBRUIK VAN GAWES**

Dit is my bede met hierdie artikel



dat ons individueel en as gemeentes onself ernstig sal ondersoek hoe ons na geld en besittings kyk. Ek dink dit sal goed wees as ons gewoon die vraag vra: *As Christus nou terugkom op die wolke, hoeveel van sy geldelike gawes het dan werklik in sy diens gestaan?* Het ons dan iets van die geloof getoon dat Vader ook vir môre sal sorg, of het ons maar liefs soveel as moontlik agterhand gehou vir 'n reënerige dag?

As ons kyk na die oorvloedige gawes in ons gemeentes: Hoeveel daarvan is gerig om meer van Christus te sien – en hoeveel daarvan is gerig op onself?

En natuurlik mag ons ook van God se gawes geniet. Ons is nie maar net 'n deurgee-stasie van God se goedere nie. God vra nie slegs van ons om sy goedere te ontvang en dit dan net so weer deur te gee aan ander nie.

Kinders *mag* geniet.  
Kinders *mag* ook feesvier.

Maar ons maak baie keer asof God *oppassers* van sy gawes nodig het. So asof ons dit vir God moet oppas of verdubbel. So asof ons dit veilig moet bewaar en goeie investerings daarmee moet maak

totdat Christus terugkom. Asof dit God werklik oor die geld en besittings op sigself gaan!

Dit gaan vir Hom tog oor Christus en die vrug van SY werk hier op aarde? Waarom wil ons dit dan so *vashou*, so *bewaar*? Ons weet tog: die aarde en sy volheid behoort aan die Here (Ps 24:1)? Hy het nie ons as oppassers nodig nie! God soek mense wat hulle skatte *gebruik*, wat alles verkoop en hulle rig op daardie *een* skat: Christus en sy saak in hierdie wêreld. Laat ons maar weer so gaan leef dat ons werklik kan bid: Vader, gee ons *vandag* ons *daaglikse* brood. Nie leef vanuit die wete dat ons vir die volgende jare genoeg agterhand gehou het nie, maar leef met net *een* sekerheid: Ek het 'n Vader in die hemel!

### **DIE REËL VAN GOD SE KONINKRYK**

As ons so gaan leef sal ons ook begin raaksien hoeveel deure daar vir ons oopstaan. As ons ons skatte gaan verkoop omdat ons Christus as skat verkry het, *weet u hoeveel moontlikhede het ons dan om diensbaar in God se koninkryk te wees?* Ons sal saam nuwe weë moet gaan soek!

Ja, ons sal nog meer verryk word. Verryk in God – omdat ons gekies het om arm te word vir sy koninkryk.

Die reël van God se koninkryk: *Wie skatte versamel, hy sal arm bevind word.*

*Wie sy skatte verkoop omdat hy dié Skat verkry het, hy sal ryk bevind word.* ▣

# ONS KAN GEEN VERLOF NEEM VAN ONS AMP NIE!

Ds. JR Visser

## KERKLIKE LEWE

Dit is vir die ampsdraers op 'n spesiale manier hulle roeping om God se beeld te vertoon. Om as herders te wys hoe die HERE die Herder van sy volk is. Dit is ook die agtergrond as die Heilige Gees deur Petrus laat skryf: "Hou as herders toesig op die kudde van God wat onder julle is, nie uit dwang nie, maar gewilliglik; nie om vuil gewin nie, maar met bereidwilligheid; ook nie as heersers oor die erfdeel nie, *maar as voorbeelde vir die kudde.*"

As ons dan na Esegïël 16:60-63 kyk beteken dit dat daar by ons liefde vir die gemeente behoort te wees. Diepe liefde ook as ons sien hoe 'n deel van die gemeente besig is om af te dwaal, as ons by 'n deel van die gemeente so min ywer in die diens aan die HERE sien. As ons sien dat 'n deel van die gemeente so baie tyd aan allerhande dinge van wêreld bestee en so min tyd aan die persoonlike omgang met die HERE en die saam wil groei in die lewe volgens God se Woord. Juis dan is dit so belangrik dat ons as ampsdraers wys dat ons tyd God se tyd is en dat ons daarom ons tyd juis daaraan gee om ook hierdie deel van die gemeente op te soek en weer op God se belofte aan te spreek. Ook as hulle vermaan moet word omdat hulle God se verbond met hulle lewe verbreek het. Dit is dan nie die werk van een ampsdraer, die leraar nie, maar die verantwoordelijkheid van elke ampsdraer vir die deel van die gemeente wat aan hom toegewys is. Want wat doen die HERE nadat Hy sy volk daarop gewys het dat hulle deur hulle dade, deur hulle lewe sy verbond verbreek het? Dit: "Ewenwel sal Ek dink aan my verbond met jou in die dae van jou jeug, en Ek sal met jou 'n ewige verbond oprig. Dan sal jy aan jou weë dink en skaam wees ... en Ek sal my verbond met jou oprig, en jy sal weet dat Ek die HERE is; sodat jy kan nadink en beskaamd staan en jou mond nie

meer oopmaak vanweë jou skandale, as Ek vir jou versoening sal bewerk oor alles wat jy gedoen het, spreek die Here HERE."

Wat wys dit nou vir ons as ampsdraers oor die manier waarop ons hulle aanspreek oor wie ons sorg, dalk groot sorg het. Ons mag hulle nie los nie, maar moet hulle juis met God se belofte aanspreek. Hulle juis daarop wys hoe groot God se liefde is dat Hy deur jou as ampsdraer nog na hom toekom en hom oproep om deur lewende geloof in die versoening deur Christus te deel. Die ampsdraer bring dan weer die belofte, al gaan dit met ernstige vermaan saam, na die ander toe. Die manier waarop ons vermaan moet dan ook altyd deur 'n duidelike liefde wat die ander nooi, wat oor die ander waarlik bekommer is, gedra word. Die liefde van God moet so na die ander gebring word dat hy daardeur beskaamd raak as hy sy sonde, sy louheid en onverskilligheid en slordigheid raaksien. As ons vermaan, bring ons nog altyd God se belofte waarvan Christus die inhoud is na die ander toe. Somtyds kan dit voel asof mense so deur die wêreld in beslag geneem word dat jy hulle so moeilik bereik. 'n Lewe kan so op die wêreld gerig wees al kom mense trou kerk toe. Hoe moet ons dit hanteer?

### **WAT STEL ONS TEENOR DIE TOENEMENDE VERWÊRELDLIKING?**

Dit wat in die wêreld gebeur beheers dikwels die lewens van broers en susters. Hulle ken die name van hul sporthelde, van mense in die vermaaklikheidsbedryf beter as wat hulle kennis van die Bybel het. Jy kan beter met hulle daarvoor 'n gesprek voer as dat jy met hulle oor hulle lewe met Christus praat. Ons moet mooi daarop let dat ook by mense wat trou in die kerk kom die proses van verwêreldliking dikwels diep in hul lewe ingegryp het. Waartoe lei daardie proses? Dit

vervreem broers en susters, verbondskinders stadig maar seker van die diens aan die Here. Dit ondermyn dat hulle en ons werklik radikaal vir Christus leef in die wete dat ons sy eiendom is.

Wat is een van die belangrike sake in hierdie verband waarop ons as ampsdraers onself en ook die gemeente steeds weer op moet wys en in moet voorgaan? Dit is 'n lewe in godsaligheid, 'n godvrugtige of vroom lewe. Ek noem nou verskillende woorde omdat 'n sekere woord in die Grieks: *eusebeia* in ons vertaling met hierdie verskillende woorde weergegee is. Die woord *eusebeia* staan teenoor *asebeia*. *Asebeia* beteken goddeloosheid terwyl *eusebeia* wys op 'n lewe in diepe eerbied en liefde vir God.

Hoe die lewe sonder God en die lewe in liefde vir God en sy wil teenoor mekaar staan sien ons raak as ons let op die doel waarmee Christus die wêreld ingekom het. Ons lees dit in Titus 2:11-13: "Want die reddende genade van God het aan alle mense verskyn en leer om die *goddeloosheid (asebeia)* en wêreldse begeerlikhede te verloën, ingetoe en regverdig en *vroom (eusebeia)* in die teenwoordige wêreld te lewe, terwyl ons die salige hoop en die verskyning van die heerlijkheid verwag van die grote God en ons Verlosser, Jesus Christus".

Hoe belangrik is dit in ons teenswoordige wêreld waar mense so baie buite Christus aangebied word, waar hulle allerhande vermaak aangebied word om raak te sien dat die waarheid van die evangelie en die lewe vir en met die Here 'n eenheid is. Ons kan hulle nie van mekaar losmaak nie. Dit is nie so dat ek kan sê dat die Bybel die waarheid is en dat ek daarom trou kerk toe kom maar eintlik is my aandag en my belangstelling in hoofsaak op die wêreld gerig nie. Die eenheid van die waarheid en

die lewe in eerbied, in die vrees van die HERE sien ons op 'n pragtige manier in 1 Timoteus 3:15,16:

*“Maar as ek vertoef, dan kan jy weet hoe iemand hom moet gedra in die huis van God, wat die gemeente is van die lewende God, 'n pilaar en grondslag van die waarheid. En onteenseglik, die verborgenheid van die godsaligheid is groot: God is geopenbaar in die vlees, is geregverdig in die Gees, het verskyn aan engele, is verkondig onder die heidene, is geglo in die wêreld, is opgeneem in heerlijkheid.”*

Ons lees in hierdie gedeelte van die waarheid. Die waarheid is die waarheid van die evangelie. Die evangelie wat die vaste inhoud van God se Woord het, moet die gemeente juis bewaar en verkondig. Die waarheid is nie een of ander leer wat buite jou lewe van elke dag en elke minuut staan nie. Wat is naamlik die inhoud van die waarheid? Die verborgenheid van die godsaligheid! Dit gaan hier dan nie om 'n saak nie maar om 'n Persoon wat leef. Wie is die geheim van die godsaligheid, van 'n lewe in diepe eerbied vir die HERE? Dit is Christus! Hy is God wat mens geword het. Christen wees, lewe in antwoord op God se belofte is leef in liefde met Christus en sy volgelinge wil wees. As jy sien hoe God in liefde in Christus na jou toe kom, roep dit om 'n lewe vir Hom, in liefdevolle eerbied vir Hom. Dit lees ons ook in Petrus se tweede brief:

*“Immers, sy goddelike krag het ons alles geskenk wat tot die lewe en godsvrug (eusebeia) dien, deur die kennis van Hom wat ons geroep het deur sy heerlijkheid en deug, waardeur Hy ons die grootste en kosbare beloftes geskenk het, sodat julle daardeur deelgenote kan word van die goddelike natuur, nadat julle die verdorwenheid ontvlug het wat deur begeerlikheid in die wêreld is. ... maar die dag van die Here sal kom soos 'n dief in die nag, waarin die hemele met gedruis sal verbygaan en die elemente sal brand en vergaan, en die aarde en die werke wat daarop is, sal verbrand. Terwyl al hierdie dinge dan vergaan, hoedanig moet julle wees in heilige wandel*

*en godsvrug (eusebeia) nie?”*  
(2 Petrus 1:3,4; 3:10,11).

So 'n lewe in godsvrug, in diepe eerbied vir die HERE vra om ware geloof. Dit kom nie sommerso daar nie. Dit bly ook nie sommerso in 'n mens se lewe nie. Dit vra om oefening, dit vra oefening om waarlik in liefde vir God te leef en te bly leef. Ek noem twee gedeeltes waar die Gees baie duidelik daarop wys:

*“Maar verwerp onheilige en oudwyfs fabels, en oefen jou in die godsaligheid. Want die liggaamlike oefening is tot weinig nut, maar die godsaligheid is nuttig vir alles, omdat dit die belofte van die teenwoordige en die toekomstige lewe het.”* 1 Tim. 4:7,8

*“En juis daarom ook moet julle met aanwending van alle ywer by julle geloof voeg die deug, en by die deug die kennis, en by die kennis die selfbeheersing, en by die selfbeheersing die lydsaamheid, en by die lydsaamheid die godsvrug, en by die godsvrug die broederliefde, en by die broederliefde die naasteliefde.”*

2 Pet.1:5-7.



Die oefen van die godsvrug beteken dat ons regtig vaste tye elke dag neem om te bid, om Bybel te lees. Om ook oor dit wat ons gelees het na te dink en dit so te wil toe-eien dat ons ons deur God se woorde laat lei. Dat ons ons lewe regtig al hoe meer op die HERE rig en so leer sien hoe goed 'n lewe volgens

sy wil is. So baie beter as 'n lewe volgens die skema van die wêreld. Dan behoort by die oefening in die godsaligheid ook die troue bywoon van die eredienste en die saam bid en oordink van God se Woord. Dan leer ons ook om te onderskei, om te sien wat die ware leer is en ons leer dan ook onderskei waarop dit aankom in die lewe. Dan word geld en die mooier lyk as die ander, vir ons baie minder belangrik.

Hoe nodig is dit om as ampsdraers aan so 'n godsalige lewe in die gemeente leiding te gee. Dit sal altyd nodig bly! Ons moet nie dink dat ons dit sover kan kry dat die gemeente op so 'n vlak van heiligheid gaan leef dat ons nie meer met ernstige afval, oppervlakkigheid en wêreldgesindheid in die gemeente te doen sal kry nie. Juis in die laaste dae kry ons daarmee te doen. Ons lees dit duidelik in 1 Tim. 3:1 e.v. Ons moet bedink dat dit daar om mense in die gemeente gaan en dat die laaste dae in die Bybel nie 'n tyd is wat nog ver weg is nie.

Van hierdie mense word naamlik in vers 5 gesê: “mense wat 'n gedaante van godsaligheid het, maar die krag daarvan verloor het. Keer jou van hierdie mense af”. Paulus vergelyk hierdie mense ook met hulle wat toe in die gemeente op 'n sondige lewe uit is en in die gemeente 'n verkeerde leer leer. As dit in die Bybel om die laaste dae gaan, gaan dit om die tyd vanaf die Here Jesus se hemelvaart tot aan sy wederkoms. Petrus maak op die Pinksterdag baie duidelik dat die periode van die laaste dae aangebreek het:

*“Maar dit is wat deur die profeet Joël gespreek is: En in die laaste dae, spreek God, sal Ek van my Gees uitstort op alle vlees, en julle seuns en julle dogters sal profeteer, en julle jongelinge sal gesigte sien en julle ou mense sal drome droom.”* Hand. 2:16,17.

In die tyd waarin ons leef, kry ons as ampsdraers te doen met mense wat 'n gedaante, 'n skyn van godsaligheid het. Hulle het die krag van die lewe vanuit Christus verloor. Wat beteken dit? Ons kry in die

gemeente in ons tyd ook te doen met mense wat vroom praat, wat ook in die kerk aktief is maar wat nie gehoorsaam in liefde aan Christus leef nie. Wat hulle nie in alles in leer of lewe aan Christus en sy Woord wil onderwerp nie. Die krag van die godsaligheid is juis dat jy in alles aan Christus gehoorsaam wil wees. Dat jy nie godsdienstig wil wees en dit dan net wil gebruik om jou eie verlangens te volg en te versier nie. Ons moet beseft dat dit die Gees self is wat vir ons sê dat ons geen ampsdraers sal wees in 'n gemeente wat so heilig is dat ons nie met dwaalleer en met sondige lewens en met louheid te doen kry nie. Ons kan as ampsdraer geen verlot neem nie. Ons mag nie so dink dat ons die gemeente so

kan opbou dat ons eintlik nie meer nodig het om te vermaan nie. Baie duidelik lees ons dit ook in 2

Petrus 2:1-3:

*“Maar daar was ook valse profete onder die volk, net soos daar onder julle valse leraars sal wees wat verderflike ketterye heimlik sal invoer, en ook die Here wat hulle gekoop het, verloën en 'n vinnige verderf oor hulleself bring; en baie sal hulle verderflikhede navolg, en om hulle ontwil sal die weg van die waarheid gelaster word; en uit hebsug sal hulle met verdigte woorde voordeel uit julle trek. Oor hulle is die oordeel van lankal af nie werkeloos nie, en hulle verderf sluimer nie.”*

Ons mag en moet steeds weer God se belofte, Christus voorhou en aanbied. Dit is ons werk, so moet ons herders wees. Dan kry die kudde goeie leiding, dan skei ook hulle van ons af wat nie van ons is nie. As ons so werk word ons gedra deur hierdie belofte vir die ampsdraers: *“En wanneer die Opperherder verskyn, sal julle die onverwelklike kroon van heerlikheid ontvang.”* 1 Petrus 5:4

Laat ons ampsdraers wees wat elkeen persoonlik en saam vol liefde en sorg vir die skape is en steeds weer met die evangelie van Christus lei. Dan doen ons die werk wat die Here ons opdra en lê God se seën daaroor. ☐

## HAGGAI

Ds. CF Nicholson

### VENSTER OP DIE BYBEL

#### AGTERGROND

Haggai was die eerste van die profete in die tyd na die ballingskap. Die ander twee profete uit hierdie tydperk was Sagaria en Maleagi.

In die jaar 538 v.C. het Kores die Jode toegelaat om na hulle land toe terug te keer en om hulle tempel te herbou. Die profeet Haggai tree op in die tweede regeringsjaar van koning Darius (vgl. 1:1).<sup>1</sup> Dit was 'n tydperk waarin die lewensomstandighede in Juda baie moeilik was. Daar was droogte, misoeste en voortdurende vyandskap met die Samaritane. Die gevolg was dat die optimisme en blydskap wat gepaard gegaan het met die beëindiging van die Babiloniese ballingskap in 538 v.C., plek gemaak het vir 'n lae moreel onder die inwoners van Juda. Daar is met die bouprogram vir die herbou van die tempel wat in die jaar 586 v.C. verwoes is, begin, maar as gevolg van die swak omstandighede kom die werk tot stilstand.

Die aansporing van die profete Haggai en Sagaria het meegebring dat werk uiteindelik voltooi is (520-515 v.C.). Haggai rig sy woord aan die na-ballingskapse gemeenskap in Jerusalem, wat onder die leiding van Serubbabel, die

goewerneur en Josua, die hoëpriester, gestaan het. Haggai se doel is om die volk aan te moedig om die bouwerk aan die tempel te voltooi sodat die Here in hulle midde teenwoordig kan wees. In die ou Nabye-Ooste was die saak van tempelbou 'n aangeleentheid vir die staat. Dan was beide die staatshoof en die hoëpriester ampshalwe betrokke by die aangeleentheid. Daarom rig Haggai hom primêr tot die goewerneur, Serubbabel, en die hoëpriester, Josua.<sup>2</sup>


Die boek van Haggai bestaan uit vier uitsprake (dit kan ook as vier kort preke gesien word). Die eerste drie boodskappe, naamlik 1:1–15, 2:1–9 en 2:10–19 bevat dieselfde strukturele opbou. Ons vind in elkeen



<sup>1</sup> 1:1–2 Die boek Haggai het nie soos by die ander profete 'n opskrif vir die hele boek nie. Wat ons wel sien is dat elkeen van die profeet se uitsprake van 'n presiese datum en inleiding voorsien word. Die datum van hierdie eerste uitspraak is “die eerste dag van die sesde maand in die tweede regeringsjaar van koning Darius” wat, volgens die Babiloniese kalender, op 29 Augustus in die jaar 520 v.C. geval het. Dit was die dag van die nuwemaansfees wat ook in die na-ballingskap tyd as 'n kultiese feesdag gevier is. Omdat 'n spesiale offer op die dag gebring is (Eseg. 45:17 en 1 Kron. 23:31), was daar heel waarskynlik 'n groot aantal mense op die tempelplein versamel voor wie Haggai sy rede kon lewer. Die historiese gegewens maak dit dus moontlik om al Haggai se preke te kan dateer vanaf 29 Augustus tot 18 Desember in die jaar 520 v.C.

<sup>2</sup> Serubbabel, 'n afstammeling van Dawid (1 Kron. 3:1–19), het opgetree as goewerneur van Juda namens die Persiese owerheid. Josua was die eerste hoëpriester van Juda ná die ballingskap. Hy was 'n lid van die hoëpriesterlike familie van ouds.

vier formele elemente wat in 'n bepaalde volgorde voorkom. Hierdie elemente is: (1) die datum; (2) 'n vraag waarin 'n populêre mening of opvatting oor die bou van die tempel opgeneem word; (3) 'n oproep wat met die Hebreeuse partikel we'atta "en nou" ingelei word en; (4) 'n woord van bemoediging. Daar word ook in elkeen van die drie boodskappe uitsprake behandel wat bepaalde probleme rondom die opbou van die tempel uitlig. Die laaste uitspraak is 'n persoonlike belofte aan Serubbabel. Die laaste uitspraak, 2:20–23, is 'n persoonlike heilstoeseegging aan Serubbabel.



## HOOFTEMAS

### **GOD SE TEENWOORDIGHEID EN VERSEKERING**

In die lewe van die volk in Israel en Judea het die tempel 'n sentrale plek ingeneem. Die tempel was die simbool van God se teenwoordigheid by sy volk. Daarom was dit nie goed dat die tempel nog in puin gelê het nie. Terwyl die tempel nog in puin was, het die volk en die land die afwesigheid van God en sy seëninge ervaar. Daarom kom Haggai met 'n boodskap van hoop en bemoediging. "... skep moed, spreek die HERE, en werk! Want ek is met julle, spreek die HERE van die leërskaar" (Hag. 2:4). Haggai kom dus met 'n belofte van God se bystand om die volk aan te moedig om met die opbou van die tempel voort te gaan. Hy het hulle die versekering gegee dat God se Gees by hulle was, en dat God weer sy huis met heerlikheid sal vervul.

Die boodskappe van Haggai verseker ook vir ons van vandag dat God se teenwoordigheid in ons lewens deur sy Gees gewaarborg word. Hierdie waarheid moet ons veral besef ook in tye waar die lewensomstandighede dalk nie so gunstig is nie. In al ons werksaamhede staan God ons by, maar Hy verlang dat ons Hom in gehoorsaamheid moet dien, dan sal ons die seën van sy teenwoordigheid ervaar. Haggai leer ons dus om in alle omstandighede te mag weet dat God nog onderhou en regeer ten tye van voorspoed en teëspoed (vgl. HK. So. 10).

### **DIE REGTE PRIORITEITE**

God het die Jode beveel om die tempel in Jerusalem na die ballingskap te herbou. Na vyftien jaar was dit nog nie voltooi nie. Die volk het voorkeur verleen aan hulle eie huise. Hulle het prioriteit verleen aan hulle eie belange terwyl God se werk agterweë gebly het. Haggai het hulle daarop gewys dat hulle volgens die regte waardesisteem hulle prioriteite moet opstel. God moes weer die belangrikste plek in hulle lewens inneem. Dit leer Haggai ons ook vandag en ons Here Jesus bevestig dit as Hy in Matt. 6:33 sê dat ons eers die koninkryk van God en sy geregtigheid moet soek, en al die ander dinge sal vir ons bygevoeg word.

### **DIE PROBLEEM TYDENS HAGGAI SE TYD**

Die aanleidende oorsaak vir die boodskappe van Haggai, kan gevind word in 'n algemene opvatting wat onder die volk geleef het dat "dit nie die tyd is om die tempel te herbou nie" (1:2). Die profeet beleef die gesindheid van die volk teenoor die opbou van die tempel as 'n probleem. Haggai begin sy boodskap met 'n aanklag en oproep deur die Here. Die aanklag van die Here is dat die volk voorsiening gemaak het vir hulle eie huise, maar die bou van die tempel verwaarloos het (1:4,9).

Die gevolg van hierdie optrede was dat die volk hulle persoonlike belange bo dié van die Here en sy koninkryk gestel het. Dit het dus hulle godsdienstige lewe nadelig geraak. Die nodige eer wat die Here toekom is nie meer aan Hom gegee nie. Wat die saak vererger het was die feit dat die volk geen koste ontsien het in die bou van hulle eie huise nie. Hulle woon in pragtige huise (1:4). Daarteenoor is geen moeite gedoen met die herbou van die tempel nie. As gevolg van die optrede van die volk het die Here 'n aantal tugmaatreëls ingestel.

Hierdie tugmaatreëls word in hoofstuk 1:5–7 en 9–11 genoem. Die Here het droogte gestuur (11), wat meegebring het dat die oeste nie die nodige opbrengs gelewer het nie (9–11). Die volk se moeitevolle arbeid was dus tevergeefs (6–7). Wat moet die volk doen om sake reg te stel? In vers 8 kry ons 'n duidelike opdrag: "Klim op die berg en bring hout aan en bou die huis; dan sal Ek 'n welgevalle daaraan hê en My verheerlik, sê die HERE". Daar is twee elemente in hierdie tekstvers. Ten eerste moet die volk iets daadwerkliks doen om hulle saak te verbeter. Hulle moet hulle eie belange eers eenkant laat, hout gaan kap in die berge van Juda en die tempel bou. Daar was natuurlik ook ander materiaal nodig, want die tempel is nie net van hout gebou nie. Maar met die inbring van die hout moes hulle 'n belangrike begin maak.

Ten tweede sal die HERE 'n welgevalle hê in die bou van die tempel. Die bou van die tempel sal die Here tevrede stel omdat Hy dan weer al die eer sal ontvang wat aan Hom verskuldig is. Dit is opvallend dat Haggai

in hoofstuk 1 verse 2, 5, 7, en 9 telkens praat van die HERE van die leërskaare. Hierdie benaminge van die Here dui daarop dat die Here die Almagtige is. Dit is 'n benaming wat die heersersmag van die Here aandui. In die beskrywing van die aanklag teen hulle word die volk telkens herinner aan die Here se mag. Daarom moes hulle op die harde manier uitvind dat die HERE die mag het oor die reën, die oeste, die diere en die volk self.

Die volk was gehoorsaam aan die vermaning deur die profeet en hulle was vervul met ontsag vir die Here (12). Die Here gee opnuut bemoediging: "Ek is met julle, spreek die Here" (13). Sy seën en bystand word daarmee belowe. Die Here self gee ook die innerlike motivering aan die volk om gehoorsaam te wees aan sy opdrag (14). Daarvoor skenk God krag aan Serubbabel, Josua en aan die volk.

In hoofstuk 2:1–23 beloof die HERE dat sy Gees altyd by hulle sal bly. Die boodskap van 2:1–9 is: Skep moed; die nuwe tempel sal besondere luister besit. Tog was hierdie tempel van Serubbabel nie naasteby soos die tempel in Salomo se tyd nie. Dit was waarskynlik kleiner en dit was sonder die luukse-sederhout en goue versierings van Salomo se tempel. Haggai wil egter vir die volk daarop wys dat die heerlikheid en skoonheid en trefkrag van hierdie tempel daarin te vinde is dat die HERE self altyd by hulle sal wees. Haggai gebruik die verbondsbeloftes van die Here aan Moses om in 'n nuwe krisis God se volk opnuut van sy beloftes te verseker. Die HERE beloof dat Hy hierdie nuwe huis sal vul met sy magtige teenwoordigheid. Daardeur sal die HERE nie net luister verleen aan die tempel nie, maar die tempel sal die middelpunt word van 'n nuwe tydperk in die Godsryk. Laastens beloof die Here ook sy vrede. Die vrede sal al God se goeie gawes en voorregte insluit. Daarvoor sal die HERE van die leërskaare sorg.

Haggai se derde uitspraak is gedoen op die dag waarop die voorbereidingswerk vir die bou van die tempel, voltooi is. Daar volg 'n gesprek met die priesters waar laasgenoemde waarskynlik gesê het dat die Here sedert die herbou van die altaar (vgl. Esra 3) deur offers geëer is en tog het Hy nie voorspoed aan sy volk gegee nie. Haggai wys egter daarop dat volgens hom die volk onrein is in die oë van die Here as gevolg van die vyftien jaar wat die bouwerk aan die tempel stilgestaan het. Daarom is hulle offers aan die Here onrein en ook hulle oeste onvrugbaar. Offers sonder gehoorsaamheid aan die Here, is nie genoegsaam nie (1 Sam. 15:22). Die volk het begin ag gee op die wil van die Here (1:12) en alles het begin om ten goede te verander. Die Here het weer voorspoed

beloof. Dit was die boodskap van hoop vir die volk aan die begin van die nuwe saaiseisoen van somergewasse.

Die boek Haggai eindig op 'n hoë noot: die Here regeer weer in Juda deur die huis van Dawid, deur Serubbabel (vgl. 2 Sam. 7:12–16; 1 Kron. 3:1–19). Serubbabel word aangewys as instrument van die Here. Die Here sê Hy sal Serubbabel 'n seëlring maak. Daarmee is bedoel dat die koning beklee is met gesag as die gevolmagtigde verteenwoordiger van die Here. Dit is die teken dat die Here self deur die koning regeer en die uitvoering van sy beloftes waarborg. Op hierdie wyse word die volk getroos en verseker dat die Here weer in Juda op die troon van Dawid regeer, deur Serubbabel.

### **HAGGAI SE BOODSKAP VIR ONS TYD**

Die boek Haggai beskryf die moeilike tye en omstandighede waaronder die Judeërs gedurende die Persiese tyd geleef het. Hierdie tye en omstandighede het meegebring dat die volk hulle tyd, geld, arbeid en energie aan hulle eie sake en huise gespandeer het. In die proses het die heropbou van God se tempel geen aandag verkry nie. Die tempel was vir die volk die simbool van God se teenwoordigheid onder sy volk. Maar terwyl die tempel 'n ruïne gebly het, het God ook nie die belangrikste rol in die volk se lewens ingeneem nie. Die gevolg was dat God se vloek op die land gerus het en dat sy volk in ellende geleef het. Haggai se boodskap maak dit duidelik dat die volk se prioriteite volgens 'n verkeerde waardesisteem opgestel was.

In die huidige tydsgewrig waarin ons leef, bring mense hulle waardes al hoe meer in lyn met die tendense en waardes van sekularisasie en materialisme. Wanneer dit dan sleg gaan en mense onder druk begin verkeer, dan stel elkeen sy of haar prioriteite op volgens hulle eie insigte en behoeftes. Prioriteite is belangrik, maar dit moet nie so wees dat ons in tye waar lewensmiddele skaars is, die werk van God afskeep nie. Ons kan soveel tyd, energie, talente en geld aan ons eie sake afstaan; veral as dit gaan om ons eie waardesisteem in stand te hou. As ons waardesisteem nie in lyn is met God se Woord nie, dan kry die verkeerde sake voorrang en voorkeur in ons lewens, terwyl al die belangrike en deurslaggewende sake verwaarloos word. Dan gebeur dit maklik dat ons ander dinge eerste stel en God se sake lei skade. God wil die belangrikste plek in ons lewens inneem. Daarom moet ons die dinge van sy koninkryk eerstens najaag. Alle ander sake kom daarna. Ons prioriteite moet reg wees en op die regte waardes gebou wees. Hierin moedig Haggai ons aan. Wanneer ons weer aan God sy regmatige plek in ons lewens toeken, dan sal ons lewe weer sin maak en ons sal weer God se seëninge in ons lewe ervaar. ▣

# DIE STAAT ISRAEL, DIE SKRIF EN POLITIEK

Ds E Viljoen

## SAMELEWING

**Wat moet ons sig wees op die politieke plek van die staat en volk Israel? Hulle verhouding met die Palestyne in beide se aansprake op grondgebied het die pretensie om op die Skrif (Ou Testament in dié geval) gebaseer te wees. Het die Jode 'n onvervreembare reg op die land wat die Here aan Abraham beloof het en sou ons as Christene hulle in hulle aansprake (selfs polities) moet steun? In die Ne-derlands Dagblad van 12 Maart 2005 gee prof. J. Douma onder die titel "Wel politiek, maar dan niet zo" lesenswaardige perspektiewe. Hier volg 'n geredigeerde weergawe van sy (vertaalde) artikel (E.V.):**

Die stigting "Christene vir Israel" vier in Mei 2005 sy silwer jubileum. Ds H Poot, bestuurslid van hierdie organisasie, het teenoor die pers verklaar dat dit nie die roeping van die stigting is om aktief in die politiek betrokke te wees nie. Volgens prof dr J Douma was dit vir hom vreemd. 'n Paar dae tevore het daar in *Israel aktueel*, die amptelike orgaan van die stigting, 'n brief van die bestuur aan pres. George W Bush verskyn. In die brief staan die volgende: "Die bestuur van Christene vir Israel Internasionaal het tydens sy vergadering van 7 tot 12 Februarie jl. eenparig besluit om aan u persoonlik te vra om geen stappe te doen wat sou kon lei tot 'n Palestynse staat binne die gebied van Judea en Samaria (die sogenaamde Wesbank) nie. As Christen weet u dat die Almagtige God Judea en Samaria belowe het aan Abraham en sy nageslag, die kinders van Israel, as 'n ewige besitting (Gen. 13:14-18; 17:6-8). Dit is ons gebed dat God u ryklik sal seën in u tweede termyn en u wysheid sal gee in u belangrike rol as leier van die vrye wêreld."

"Christene vir Israel" is dus beslis wel aktief in die politiek besig. En

hulle doen dit al vir 25 jaar, want onafgebroke het hulle die stelling verdedig dat die land wat aan Abraham belowe is, eenmaal aan Israel geskenk is en vir altyd die besitting van Israel moet bly. Dit is duidelik wat hulle vandag onder "Israel" verstaan. Dit is die huidige staat Israel, wat op grond van die Bybel moet kan beskik oor die hele grondgebied wat destyds aan



*Kerk en sinagoge*

die voorouers belowe is.

### **GASASTROOK**

Prof Douma het geen probleem daarmee dat die betrokke organisasie aan die politiek deelneem nie. Maar die vraag is of hulle op 'n goeie manier politiek bedrywe. Laat ons aanneem dat die huidige staat Israel op grond van Genesis 13 en 17 die reg het om die land, soos dit aan Abraham belowe is, vir ewig te besit. Vir "Christene vir Israel" beteken dit dieselfde as: God wil hê dat sy volk, die huidige Israel, die ou land vanaf Dan tot by Berseba, in sy besit het. As hulle dit sê, dan bedoel hulle dit ook. Maar dan moet hulle by pres Bush daarop aandrang om nie alleen die Wesbank nie, maar ook die Oos-Jordaanland, Gasa, Hebron, Samaria, ensovoorts, by die staat Israel te voeg. Dit is egter vreemd dat "Christene vir Israel" intussen al daarby berus het dat die Gasastrook vir die Palestyne is. En dan is hul beroep op die wil van God met betrekking tot die Wesbank, nie meer baie sterk nie.

Dit is vir ds Poot 'n verleentheid as hy wel sê dat ook die Gasastrook die beloofde erfland van God vir die Jode is, en tegelykertyd vertel dat sy stigting hom berus by die demokratiese besluit van Israel om die Joodse nedersettings daar te ont-ruim. Daar is mooi aspekte verbonde aan demokrasie, veral in die Midde-Ooste. Maar as God nou iets anders sê?! Wie Gasa vandag kan prysgee, kan nie sterk stand-punt inneem ten gunste van Jerigo, Hebron en die hele Wesbank met die argument dat God hierdie gebiede vir ewig vir Israel bestem het nie. As God dit wil, moet "Christene vir Israel" nie omswaai en in beslissings berus nie, hoe demokraties dit ook al geneem is. Anders gaan dit soos destyds met die kruistogte die geval was. Eers wou God dit hê, en later het geblyk dat die Christene dit mis gehad het.

As Gasa ontruim word – so skryf Karel van Oordt in die laaste uit-gawe van "Christene vir Israel" – dan sal dit weer herstel word wanneer die Seun van Dawid op Sy troon te midde van Jakob sal sit. Veronderstel dat dit so sal gaan. God gee die Gasastrook dus later aan Israel terug, terwyl hierdie stuk land tot dan die eien-dom van die Palestyne word. Wie gee aan "Christene aan Israel" dan die vrymoedigheid om die Ameri-kaanse president daarop te wys dat hy sy Bybel maar net moet oopmaak om te weet wat in die Midde-Ooste moet gebeur? God blykbaar nie; want as ons vir Gasa nie (meer) weet wat Hy wil nie, dan sal dit ook vir die Wesbank nie soos 'n paal bo water staan nie.

### **GESKIEDENIS**

Dit is duidelik dat prof Douma nie ten gunste van hierdie vorm van politiek is nie. Maar hy hoort ook nie by dié Christene wat, heel oor-tuig daarvan dat hulle reg is, aan pres. Bush voorhou wat volgens hulle vir elke Christen vansom-



Die tempel

sprekend is, naamlik om maar net die Bybel oop te maak om te weet dat die huidige Israel reg het op die Wesbank. Asof daar in die lang geskiedenis van die Jode geen ballingskap was nie en asof die land na die ballingskap nie vir tweeduizend jaar deur vreemdes beheer was nie. Nee, so vanselfsprekend is dit alles nie, ten spyte van die blydschap dat die Jode, na alles wat hulle meegemaak het, tans 'n

die land besit. Maar daarmee is die huidige Israel nog nie die land waarvan die kaart vir ewig vasgestel is en waarvoor pres Bush maar net die Bybel hoef oop te maak om te weet wat hom in die Midde-Ooste te doen staan nie.

In elk geval, 'n mens praat van die volk van die Jode nie maklik as die volk van God nie. By die volk van God dink 'n mens aan die groot volk van al die gelowiges, wat almal Abraham hul vader mag noem en wat as takke geënt is op die boom wat Israel genoem word (om 'n beeld van Paulus te gebruik). Ons het geen rede om ons bors uit te stoot teenoor die huidige Israel nie. Maar die kerk het ook nie nodig om haar te laat degradeer tot die "gemeente van Jesus" naas die eintlike volk van God, die Jode wat eendag hul Messias mag begroet, nie. Wat eendag alles kan gebeur, dit weet ons nie. Maar ons weet wel



Menora op die wapen van Israel

uit die Bybel dat ons nou te make het met die Messias wat verskyn het in Jesus Christus. Christene moet van Hom getuig, onder die Jode nie minder nie as onder die nie-Jode. Nie 'n Messias van eendag nie, maar 'n Christus van nou vorm die oriëntering vir Christelike politiek. Sy heerskappy vra om erkenning. Die geloof en nie ras nie, ook nie die Joodse ras nie, is beslissend. ♪



## FOLMER BOEKHANDEL

19e Laan 283, Villieria  
Pretoria, 0186, Suid-Afrika

Tel 012 329 0031  
Faks 012 329 5927



Nog twee kopieë in voorraad van 'DIE LEER VAN DIE BAPTISTE-Beweging krities beskou' deur ds A J van Staden. Vir diegene wat meer wil weet van die Baptiste-kerk is dit 'n leersame boekie. (125 bladsye, R25)


**Calvin, John:** Heart Aflame These select readings from Calvin's *Commentary on the Psalms* provide us with a year's worth of sure-footed daily meditations. Foreword by Sinclair B Ferguson. (366 bladsye - R 56)

**Byl, John:** The Divine Challenge - on Matter, Mind, Math and Meaning. The author argues that the Christian worldview provides the only foundation for logic, mathematics, science and morality. Only a Christian worldview, squarely based on the truth of the Bible and the comprehensive sovereignty of God can give our lives coherence, meaning, purpose and hope. (317 bladsye - R 60)

**Douma, J:** Responsible conduct - Principles of Christian Ethics Vertaling van die tiende hersiene uitgawe van die Nederlandse boek: Verantwoord handelen. Inleiding in die Christelike etiek. (228 bladsye - R 60)

**Godfrey W R:** Reformation Sketches. The sketches in this book strive to show that the

Reformation remains vitally important for Christians today. First, this book looks at some of the great leaders of the Reformation (Calvyn, Luther, Melancton, Vermigli) and secondly, these sketches look at the role of some of the Reformed confessions in the life of the church. (151 bladsye - R 42)



Steun die Nieuwenhuis Hulpfonds Trust en geniet die cd met orrelspel van Harry Jonkers en samesang in die Kandelaarkerk in Oktober 2004. Die prys is slegs R100.

### Ander takke van Folmer Boekhandel:

Kaapstad  
Folmer Boekhandel  
(Petro Drijfhout)  
Bondstraat 7  
Oakdale, Bellville  
7530  
Tel 021 - 948 5883

Pretoria  
Rooiels Boekhandel  
(Irene van der Meer)  
Laseandralaan 115  
Môregloed  
0186  
Tel 012 - 333 8064





# DIE WERKERS VAN DIE LAASTE UUR

Stefan Paas

## BOEKBESPREKING

Nog nooit het hy soveel in die kantylne bygeskryf en soveel sinne onderstreep soos in die boek *De werkers van het laatste uur* nie, skryf resensent Henk Bouwmeester. In hierdie boek van Stefan Paas staan daar soveel wat 'n mens nooit weer sal vergeet nie. Ook soveel herkenbare dinge. Soms met 'n gevoel van skaamte. En tog ook met dankbaarheid. Want dit is goed om herinner te word aan "de inwijding van nieuwkomers in het Christelijk geloof en de Christelijke gemeente", soos die subtitel aandui. Dit is goed om weer eens herinner te word aan die les van Mattheüs 20 oor die werkers in die wingerd wat ten volle daarby hoort, ook al het hulle eers ter elfder ure gekom.

### GEEN MAKLIKE OPDRAG NIE

Die boek gaan oor daardie werkers van die laaste uur. Of eerder: dit gaan óók daarvoor. Want die boek gaan feitlik nog meer oor die werkers van die eerste uur. Oor die mense 'aan wie die geloof met die paplepel gevoer is' (p.106). Hoe hulle mense wat nie (meer) van God en kerk weet nie, 'n pad moet wys in die gemeente (p.17) en hulle moet laat groei tot burgers van die koninkryk (p.48). Hoe hulle Jesus se opdrag om mense tot dissipels van Hom te maak, ernstig moet en kan opneem (p.116). Dit vra heelwat van 'n gemeente. Meer as wat soms gebied word. Of as wat selfs besef word. Daarom gaan die boek sowel oor die bekering van mense as oor die bekering van kerke (p.12).

Daarom ook word voorstelle aan die hand gedoen om voluit missiënêre gemeente te wees. Waarin evangelisasie nie slegs 'n paar kersies op die koek is nie, maar die bestanddeel wat aan die hele koek sy smaak gee (p.16). Dis voorwaar geen maklik opdrag nie.

Daarvoor is 'n diep besinning en 'n verrekende visie nodig. Daarvoor gee Stefan Paas in *De werkers van het laatste uur* handevol voorstelle. Soms in konfrontasie met gevestigde praktyk of gedrag. Hy sê byvoorbeeld: 'n Gemeente wat gerig is op interne sake en ook so funksioneer, doen tekort aan die eer van God' (p.123).


### TOTAALBEGRIP

So ernstig as wat die inhoud van die boek is, so speels lyk die indeling in vier dele: Die Speelveld, Die Spelreëls, Die Spel en Spelenderwys. Dit dui geensins daarop dat dit 'n speletjie is om missionêre gemeente te wees nie. Intendeel! Die doel van evangelisasie is om iemand onder God se regering te bring (p.135). Dit hou nie op sodra iemand in die gemeente ingebring is nie. Doop en belydenis is nie 'n eindpunt nie, maar 'n begin (p.134). Dit het 'n deurlopende vervolg. Of, soos die boek dit so pragtig omvattend stel: 'evangelisasie is 'n totaalbegrip en loop die hele pad, via verkondiging tot onderwysing, vermaning en versterking, van ongelof tot bekering tot dissipelskap tot heerlikheid' (p.117). Dit beteken dat jy goed moet weet waarom dit gaan en met wie jy te doen kry. En dat jy jouself ken. Evangelisasie lyk dus eerder soos 'n sportwedstryd. Vandaar die naamgewing van die vier dele van die boek.

Ongetwyfeld het die skrywer 2 Timótheüs 2:5 hierby in gedagte gehad: ... as iemand aan 'n wedstryd deelneem, word hy nie bekroon as hy nie volgens die reëls geweddywer het nie.

### DIE SPEELVELD

Die oorgrote meerderheid wat aansluit, kom met die kerk in aanraking via persoonlike en langdurige kon-



takte met Christene (p.56). Die groot vraag is dus op watter manier 'n mens as Christen kontak maak en onderhou met mense wat baie anders dink. Wat aan norme en waardes 'n heel ander plek in hul lewe gee of hulself as die norm beskou (p.82). En hoe verduidelik 'n mens wat genade is aan mense wat geen behoefte het aan 'n verkondiging van vergewing en eerherstel nie (p.76)? Heelwat bereidwillige uitleg is daarvoor nodig (p.83). Dit werk nie as jy in dieselfde kerkgebou voel asof 'n mens in twee verskillende kerke sit nie (p.44). Of as die kerk in isolasie wil bly om bestaansreg daaraan te ontleen nie (p.41). Dit kan slegs wanneer die kerk geen water by die wyn voeg as dit kom by die norme en waardes van die evangelie nie (p.148), en tegelykertyd terughoudend is ten opsigte van morele eise wat nie gewortel is in 'n goeie uitleg van die evangelie nie (p.87).

### SWAKKES IN DIE GELOOF

Dit beteken ook dat die kerk in al haar fasette (eredienste, katkisasieklasse, Bybelstudiegroepe, ens.) toeganklik is vir belangstellendes van 'buite' (p.124). En hulle sonder enige gevoel van meerderwaardigheid welkom heet en begelei (p.115).

Hoe moeilik dit soms was en is, dit leer die tweede deel van die boek ons. In die tyd van Petrus en Paulus het baie Joodse Christene steeds moeite gehad met die aansluiting van nie-Jode. Veral wanneer hulle hul nie laat besny het nie of die wet anders beskou het as wat die Jode dit nog altyd geleer of gedoen het. Stefan Paas beskryf

die worsteling hieroor op die apostelvergadering in Jerusalem (Hand. 15) as 'n les vir ons tyd. Sodat die Christene van vandag nie hul eie kultuur verabsoluteer of voor die werk van God inskuif nie (p.108). Sodat die kerk van vandag God se genade sal laat skyn oor kerklike probleme (p.104) en net so deurtrek sal word van 'n missionêre besieling as die kerk van destyds (p.110). En ook – net soos die kerk van destyds – graderings in die geloofsluwe ken (p.112). Aan swakkes in die geloof 'n volwaardige plek gee in die gemeente en hulle daarin toelaat (p.114). Ook al dink of doen hulle in 'n sekere mate (nog) sekulêr (op 'n wêreldse manier).

### **'n LEWENSLANGE LES**

Die uitgangspunt van die boek is dat evangelisasie gesien mag word as die proses van inwyding van 'n nie-Christen in die Christelike gemeenskap met God en met mekaar (p.187). Dit het fundamentele implikasies vir die visie op die gemeente en die kategeese. Nie net met die oog op die mense wat van buite kom nie. Ook met die oog op die jongmense in die kerk wat, meer as baie van die ouer mense, te doen kry met die huidige emosionele, pragmatiese en individualistiese invloede (p.187). Tereg noem die boek daarom die kategeese en die onderrig aan nie-kerklede die boustene van deurgaande en missionêrgerigte leerprosesse (hfst 10 en 11). Voorwaar geen maklike opdrag nie, so blyk uit stelling 5 aan die einde van deel III: Kerken zouden in hun opleidingen veel aandacht moeten geven aan missionaire catechese. Plaatselijke kerken hebben dringend behoefte aan mensen die hierin bekwaam zijn. Lees hierdie stelling nog 'n keer. Hou jou eie gemeente hierby in gedagte: Ons kerk moet baie meer

aandag skenk aan missionêre arbeid ... Dink hierby aan moontlike nuwe lidmate en eie jeug ...

Die boek spoor voortdurend aan om na te dink oor jou eie gemeente en gedrag. Al lesende vir jouself óf saam op die Bybelkring aan die hand van die stellings en gespreksvrae waarmee elkeen van die vier dele afgesluit word. Jy sal vind dat een aand nie genoeg is nie. Dalk is 'n hele vergaderjaar selfs te min. Soveel dinge staan daar in die boek om oor na te dink. Om deur almal saam in die gemeente bespreek te word. Om ter harte te neem.

### **DIE EREDIENS**

In die vierde en laaste deel van die boek staan die erediens, liturgie en prediking sentraal. Om ook daarin die balans te vind tussen afstand en nabyheid, tussen styl en informaliteit, tussen onderwys en belewing. Die fundamentele uitgangspunt hierby is dat die erediens die hart van die gemeentelewe is (p.233). En dat 'die erediens (a) Gods wese in heiligheid en intimiteit behoort te weerspieël, en (b) mense in staat stel om God lief te hê met hul hele wese en ander soos hulself' (p.256).

Volgens resensent Henk Bouwmeester kon gerus hieraan toegevoeg word: Hiervan word 'n mens vanself vir 'n rukkje stil. Die ontmoeting met die magtige, heilige God! Dan gaan 'n mens nie dadelik na afloop van die erediens huis toe nie. Dan wil jy die fees van die ontmoeting deel met ander. En verduidelik aan belangstellende gaste. Dit vra uit sigself om 'n uitgebreide samekoms na die erediens, soos Paas ook bepleit met die oog op nuweling wat dit oorweeg om aan te sluit (p.268).

Teoreties is dit nie so moeilik om

'n antwoord te vind op die vraag hoe die erediens ingerig moet word (hfst 13) of hoe gepreek moet word in 'n missionêre tyd (hfst 14) nie. Die praktyk is egter soms meer van 'n turksvry. Want vir hoeveel Christene is die liturgie nie veel meer nie as die deurneem van 'n paar huishoudelike sake voordat die preek begin. Of hoeveel Christene is gewoon aan eredienste waarin mense hulself opwerk tot ekstatische ervarings. Maar geeneen van hierdie twee benaderings is gesond nie. Want albei verberg ten diepste 'n angs vir wat regtig sou gebeur as God ingryp, in sy heiligheid en nabyheid (p.245).

### **TEN SLOTTE**

Die boek sluit af met ses bylaes. Ses pragtige liturgiese formuliere vir 'n missionêre tyd. Leidrade vir nuwe vorms en rituele, om mense op te vang en te begelei op die pad van die geloof. Maar net so goed vir jouself en vir die eie gemeente. Soos byvoorbeeld die woorde waarmee 'n belangstellende gas in die gemeente verwelkom word: 'Dis vir die gemeente van Christus 'n eer om u as 'n vaste gas in ons midde te mag ontvang. Ons hoop dat u kan merk dat God in ons midde is. Die vertrou in God, die Vader van Jesus Christus, verbind ons hier saam en raak ons hele bestaan.'

Dis tog pragtig! Om te lees. En des te meer om uit te spreek: Die vertrou in God raak ons hele bestaan ...

*Na aan leiding van: Stefan Paas  
De werkers van het laatste uur. De  
inwijding van nieuwkomers in het  
Christelijk geloof en de  
Christelijke gemeente (312 pp)  
Uitg. Boekencentrum, Zoetermeer  
ISBN 90 2391 520 8* ☩

# LITURGIE

## - 'n BIDDENDE GEMEENTE: VEELSYDIG!

H. Walinga

### LITURGIE

Gewoonlik probeer ek, nadat ek 'n paar dinge gelees en bestudeer het en voordat ek regtig begin skryf, 'n opskrif vir elke hoofstuk uitdink. By die onderwerp van hierdie hoofstuk, naamlik die gebed van die gemeente, het die opskrif telkens weer verander, omdat ek elke keer weer 'n ander aspek van die gebed teengekom het wat ook belangrik was.

Eers het ek gedink aan 'n opskrif soos: "'n Paar honderd piromane bymekaar," na aanleiding van 'n preek van dr. P van Gulp oor die vuur wat die engel van die altaar geneem en op die aarde gewerp het. Die vuur was 'n teken van die gebede van die gelowiges. Dit is 'n uitleg wat aan ons gebed, sowel persoonlik as gemeenskaplik, 'n swaar verantwoordelikheid gee: vuur op die aarde, stryd, ook vanweë ons gebed.

Verder het ek gedink aan die opskrif: "Lê dit maar daar neer," waarby ek aandag wou bestee aan die ongelooflike feit dat die Here ons die moontlikheid bied om ons nood en dié van die hele wêreld voor die troon neer te lê. Dit is 'n uitleg wat 'n rusgewende gedagte aan ons gebedspraktyk toevoeg: ons hoef dit nie alles self te dra nie, want Christus het dit reeds genoeg gedoen.

'n Ander opskrif was: "Gevoude hande, oop oë" (n.a.v. die boek van ds. P. Groenenberg). Dan wou ek iets sê oor een van die voorwaardes waaraan ons gebed moet voldoen, naamlik dat dit realisties moet wees. Kyk om jou na die wêreld, na jou lewe, jou sondes, jou van God gegewe moontlikhede en daarna kan jy gaan bid. Dit is 'n uitleg wat ons

gebede in 'n aktiewe en aktuele raamwerk plaas: bid in jou binnekamer, ja seker, maar met die venster oop. Een van die baie vensters, soos wat ek reeds by die offergawe genoem het.

Nog 'n ander titel: "Die wat waag, wen." Hier sou ek uit dr. C Trimp se boek *De gemeente en haar liturgie* aangehaal het. Hy praat daar oor die gebed as waagstuk: nie as 'n waagstuk met 'n onsekere uitkoms nie, maar 'n rustige doen en durf. Ek kom later hierop terug. Ek het amper met groot letters oor die bladsy geskryf: "Lees Trimp", maar dit sou darem te maklik wees. Dr. Trimp se uitleg vertel ons dat ons sorgvuldig moet bid, dit mag nie 'n deurmekaarspul word nie.

So het ek nog heelwat ander opskrifte gehad. Hoekom vertel ek dit alles? Om daarmee aan te dui dat die gebed van die gemeente soveel aspekte bevat. Dit het heelwat meer inhoud as wat ons gewoonlik besef. Ons is as gemeente besig met iets wat buitengewoon kragtig is, met iets wat ons baie klein moet maak, dit mag troosvol werk, dit moet ons volle aandag vra, met ons sorg en dankbaarheid. Vanuit 'n liturgiese oogpunt is daar al baie gepraat oor die gebed in die erediens. Die meeste van dit wat ek daarvoor gelees het, is van groot belang vir die voorganger wat die gebed uit-



spreek. Dr. Trimp praat byvoorbeeld oor die sorgvuldige voorbereiding en oor die gebruik van formuliergebede wat as voorbeeld kan dien vir die voorgangers, ens.

In omtrent alle boeke wat ek nageslaan het, is opgemerk dat die gebed wat die preek vooraf gaan, nie 'n voorskot op die preek mag wees nie. So mag die "groot" gebed na die preek ook nie 'n herhaling daarvan wees nie. Dit is goed dat ook die gemeente dit alles weet. Die gebed van die gemeente, soos verwoord deur die voorganger, het egter nog meer aspekte. Ek het in die begin van hierdie hoofstuk al 'n paar genoem.

Kom ons kyk na ons kerkboek: In die orde van diens van Kampen 1975, wat in baie gemeentes gebruik word staan daar: skuldbelydenis en vra om vergewing, vernuwning en verligting deur die Heilige Gees. Skuldbelydenis. As gemeente moet ons nou aan die Here bely dat ons in die afgelope week maar weer slap gelê het. Ons het geywer vir byna alles, behalwe vir God se koninkryk wat tog eerste moet staan. In ons persoonlike lewe het ons dit weer reg gekry om nie 'n enkele gebod oor te slaan in ons ongehoorsaamheid nie. Ook in ons amp telike werk het ons weer gefaal. As gemeente was ons nie 'n werwende, warm eenheid waartoe die mense "van buite" hulleself aangetrokke gevoel het nie.

Deur die woord “skuldbelydenis” word ons liturgies reeds bepaal by ons swakte. Ons word ook daarby bepaal dat die Here in ons swakte sy krag aan die wêreld openbaar. Hierdie geweldige gebeurtenis vind plaas wanneer ons op Sondag saam ons hande vou en ons oë sluit.

Daaruit spreek ‘n ongelooflike gemeenskap! Al die klein frustrasies van elke dag verdwyn. Die moeite met die suster twee rye voor jou, verdwyn. Die rusie met ons broer of suster verdwyn. Ten minste ... so sou dit behoort te wees. Want ons staan dan nou skielik saam met die broeder en suster voor God se troon, ons doen skuldbelydenis en mag geloofsekerheid hê oor die vergewing om Christus wil. Wanneer ons dit besef, wat word dan van ons probleem met die broeder wat ons verlede Woensdag blykbaar nie wou groet nie?

So lig die Sondagse gebedsdienst ons uit bo die lewe van elke dag, maar so plaas dieselfde gebedsdienst ons ook weer in die middel daarvan. Want ons vra ook om vernuwing en verligting deur die Heilige Gees. In die komende week mag ons dit weer “soos nuut” doen.

Deur die loop van die jare het ‘n pragtige voorbeeld van liturgiese spraakgebruik verlore gegaan. Prof. Trimp skryf dat die Griekspreekende gelowiges, voordat hulle die Onse Vader opgesê het, in hulle gebed sê: “Verwaardig ons, Here, dat ons met vreugde en sonder vermetelheid *waag* om U, die Hemelse God, as Vader aan te spreek.”

Hierdie *waag* is nie ‘n waagstuk met ‘n onsekere uitkoms nie, maar hierdie woord spreek van die verregaande genade van God wat sy kerk tot soveel vrymoedigheid verwaardig. Hierdie liturgiese

spraakgebruik leer ons, volgens prof. Trimp, hoeseer die gebed die absolute hoogtepunt van die Christelike lewe is. Geen mens reik hoër as die kind van God wat kniel voor sy aangesig nie. Om so te waag is nie ‘n waagstuk nie, maar ‘n rustige handeling op grond van die geloof dat God luister.

Dan nog iets oor die dankgebed en die voorbede, wat in die orde van Kampen na die preek voorkom. Die gebed is die vernaamste deel van die dankbaarheid, leer ons uit die Kategismus. Het dit u al opgeval dat die Onse Vader daarna in die Kategismus bespreek word, en dat die woord “dank” nie een keer daarin voorkom nie? Daaruit blyk dat die gebed op sigself al ‘n uiting van dankbaarheid is!

Dankbaarheid wat ons aan die Here offer op die reukofferaltaar. Die geur hiervan is vir Hom aangenaam. ☩

---

## BEWONDER EN BEWAAR HIERDIE SKAT (II)

JJD Baas

### OPVOEDING EN ONDERWYS

#### **GEREFORMEERDE ONDERWYS EN DIE VERBOND**

In die eerste deel van hierdie artikel het mnr Baas tot die gevolgtrekking gekom dat Gereformeerde onderwys staan of val as dit kom by verbondsonderwys. Dit is die identiteitsbewys daarvan. As ons nie meer houvas op verbondsonderwys het nie, het gereformeerde onderwys nie meer ‘n bestaansreg nie. Maar hoe vul ons bogenoemde prakties in? Aan die praktiese invulling wil Baas in die laaste deel van sy artikel aandag gee.

Gereformeerde onderwys as verbondsonderwys word gekenmerk deur ‘n aantal punte waarop toespits word en dit kan verder uitgebrei word met praktiese voorstelle.

#### **GEREFORMEERDE SKOLE WORD GEKENMERK DEUR:**

##### *\* Verwondering*

In die verbondsonderwys klink elke keer verwondering deur. Daarvoor is dit in die eerste plek nodig dat die opvoeders deurtrek moet wees van God se liefde vir hom/haar. Alleenlik as jy self verwonderd staan oor God se liefde kan jy dit oordra aan ander. ‘n Belangrike taak waaraan voortdurend gewerk kan word, bv. tydens personeelvergaderings, individuele en onderlinge gesprekke.

##### *\* Dankbaarheid*

Dankbaarheid vanweë die groot wonder van God se liefde vir opvoeders, ouers en kinders. Die wonder lê daarin dat die een sondaar die ander sondaar mag onderrig en opvoed. Dankbaarheid

teenoor die almagtige God wat sy eie Seun oorgegee het aan die dood, sodat ons gered mag word en saam met Hom mag lewe. Hy wil ons oortredinge so ver van ons wegneem, so ver soos die ooste verwyderd is van die weste. Dat Hy dit wil doen, is vir ons onbegryplik. Dit vra dan van ons voortdurende dankbaarheid teenoor Hom. Dit is ook noodsaaklik vir ons lewensweg. Daarom heers daar in gereformeerde skole nie negatiewe dissipline nie, maar is alles deurtrek van dankbaarheid.

##### *\* Liefde*

As daar een woord vir God se wese gegee sou moes word, dan sou dit “Liefde” wees. God is liefde (1 Joh. 4:8). Die opvoeder en die kinders is albei beeldraers van Hom, na sy beeld geskape. Dit be-

teken dat liefde ook die handelsmerk van sy kinders is. Daarin klop die hart van die onderwys en van die opvoeding. Liefde is die dryfveer. Die skool gaan daarvan uit dat alles deurtrek is van sy liefde. Dit sien jy aan die manier waarop daar beloon en gestraf word. Dit kom jy agter in die totale omgang onderling: daar is respek. Daar is opregte aandag vir mekaar. Liefde is die handelsmerk van sy kinders. Kinders wat ekstra aandag nodig het, word liefdevol en geduldig gehelp. In die skool is die vrugte van die Gees duidelik sigbaar, nl. blydschap, vrede, geduld, vriendelikheid, goedheid, trou, teerheid en selfbeheersing. Binne die skool is vergewing kenmerkend vir die onderlinge omgang. Vergewing deur die Here God kan nooit losstaan van die vergewing van mekaar as kinders nie.

\* *Veiligheid en geborgenheid*  
Hierdie gevoelens is noodsaaklik vir elke mens om te kan funksioneer. Veiligheid en geborgenheid word aangebied o.a. deur liefde, openheid en egtheid. Veiligheid word ook geskep deur duidelikheid: duidelike, redelike reëls, wat ook gehandhaaf behoort te word.

\* *Uniekheid*  
Daar moet rekening gehou word met die uniekheid van die kind. Soos die kind is, so word hy deur God aan jou sorg toevertrou. Met die talente sowel as die beperkings binne die grense van die moontlikhede wat daarmee saamgaan. Jy mag elke kind afsonderlik sien as 'n pêrel in God se hand. Dit vra sorgsame behandeling van elke kind. En 'n kind voel dit aan of jy hierdie opdrag ernstig opneem of nie. Die atmosfeer word onder meer gekenmerk deur aanvaarding. Ek aanvaar jou soos wat jy op my pad geplaas is; soos wat die Skepper dit wil. Dit beteken nie dat ek alles wat elkeen doen, as goed en aanvaarbaar mag sien nie. In teendeel, gedrag wat nie gepas is nie, word aangespreek.

\* *Taakgerigtheid*  
'n Ander kenmerk vir 'n gereformeerde skool is die aandag wat bestee word aan taakgerigte werk.



Hoe pak jy 'n taak aan? Waar begin jy? Hoe versorg jy jou werk? Kinders word geleer om selfstandig hul take te verrig. 'n Taakgerigte houding word daarmee bevorder.

\* *Openheid*

'n Gereformeerde skool word gekenmerk deur openheid. Openheid na:

a. *die kinders.* Jy ontvang hulle openlik. Jy, as opvoeder, is 'n tasbare stukkie van die onsigbare God. Deels deur jou optrede, kry die Godsbeeld vir 'n kind inhou. Hoe word God dan sigbaar?

b. *mekaar.* Leerkragte moet oopstaan vir mekaar. Hulle moet opregte aandag vir mekaar hê. Hulle is daar vir mekaar, om elkeen tot 'n hand en 'n voet te wees. In 'n gereformeerde skool is 'n leerkrag geen onafhanklike enkeling nie. Hy of sy sit sy/haar talente in tot diens van die geheel. Die skoolhoof se taak is om dit te stimuleer. Hy staan oop vir die opvoeders en is as leier die




dienaar van almal net soos sy groot Voorbeeld.

c. *ouers.* Die ouers is altyd welkom in die skool. Die skool moet sorg vir 'n oop klimaat waarin die ouers welkom voel. Dit is immers God se kinders, sy pêrels, waarvoor die ouers heel duidelik hul belofte gemaak het. Dan is dit juis belangrik om 'n goeie en oop verhouding met hulle te hê. Hulle is nie die teëstanders van die skool nie. Ouers en opvoeders staan skouer aan skouer om die kinders op die regte pad te hou.

'n Gereformeerde skool beskou dit nie as vanselfsprekend dat gereformeerde ouers hul kinders na 'n gereformeerde skool toe stuur nie. Vanuit die skool gaan daar werwingskrag uit d.m.v. kennismakingsgesprekke tussen die bestuur en ouers om sodoende potensiële ouers wat hul kinders vir die eerste keer na die skool wil stuur, te ontmoet. Dit verwag ons van mekaar.

d. *bestuur.* Saam staan jy, ondanks verskillende take, voor dieselfde doel: goeie gereformeerde onderwys vir die kinders. Dan is 'n oop verhouding teenoor mekaar baie belangrik. 'n Bestuur moet weet wat in die skool aan die gang is net so ook mag die personeel weet waarmee die bestuur homself besig hou.

e. *kerk.* In die kerk het die ouers hul belofte afgelê. Deur die aanwesigheid van die ander kerklede, is hulle getuie van die wyse waarop ouers aan die belofte invulling gee. Kerklede is daarom ook welkom op 'n opedag en op skoolaande. Daar kan hulle op hoogte gehou word oor die skool. Ook deur maandbriewe of artikels in die kerkblaadjes. Sodoende laat die gereformeerde skool blyk dat ook die gemeentelike belangrik is. Dit beteken investering deur bv. reëlmatige inligting te verstrek,



ope dae te hou, verskeie vorme van inspanning waarin weer teruggeploeg sal word. Hierdie belangegroep (veral b, c, d en e) het nog 'n ander belangrike rol: om te vra of hulle 'n muur van gebed rondom die skool kan wees. As jy wil hê dat hulle met en vir jou moet bid, moet jy hulle ook op hoogte hou van dit wat gebeur.

f. *na belangstellendes uit ander kerkgenootskappe.* Ons skole kry vroe van mense uit ander kerkgenootskappe of hul kinders ook toegelaat mag word. Die vraag het die laaste jare baie toegeneem. Hoe oop kan jy daarmee omgaan? Dit is belangrik om oop kaarte te speel as skool: Dit gaan oor die prinsipes waarvoor ons staan. Hoe word daar gepraat oor die doop, verbond? Dit het gevolge vir die atmosfeer in die skool. Kan voornemende ouers hulle daarin vind? Kom jou kind pedagogies (opvoedkundig) nie daardeur in verwarring nie, deurdat die verskille tussen tuis en skool te groot is? Juis hier is dit van belang om die gereformeerde identiteit van die skool te bewaak. Net soos ons in die wet lees ("nog die vreemdeling wat in u stede woon") sal die gaste hulle moet aanpas by die reëls "van die huis". Die ouers sal nie net kan verlies neem met die gereformeerde atmosfeer nie, maar moet dit met gretige arms verwag. Die een en ander kan d.m.v. 'n ondertekende verklaring vasgelê word.

g. *die woonbuurt.* Die skool staan in 'n bepaalde omgewing. Meestal kom die kinders in 'n gereformeerde skool nie noodwendig uit die direkte omgewing nie. Dit beteken dat daar deur die buurt ook krities gekyk word. Wys vir ons wie julle nou werklik is! Informeer die buurt oor die aktiwiteite wat hulle ook miskien sal opval. Nooi hulle so af en toe uit om enige vernuwings by die skool te kom besigtig. Laat jou geloof ook na buite uitstraal. Laat sien dat jy 'n gewone mens is wat goeie onderwys wil hê. Nog 'n paar voorstelle: Jy kan die buurt vra om te help om die skoolterrein netjies te hou. Bied die speelterrein aan vir die buurt as speelgeleentheid.

\* *Kwaliteit*

Die gereformeerde skool word gekenmerk deur kwalitatiewe onderwys. Opvoeders moet sorg vir deskundigheid, d.m.v. na-uurse studie en die byhou van vakliteratuur. Die skool is steeds opnuut besig om homself af te vra hoe daar op die beste manier onderwys gegee kan word. Daar word aan kwaliteit gewerk en die kwaliteit word goed bewaak. Die gereformeerde skool word gekenmerk deur goeie kwaliteit onderwys.


a *Bybelonderwys*

Uiteraard is die Bybelles een van die kernpunte van die gereformeerde onderwys. Dié vak kan nie weggedink word nie. Dieselfde geld in die hoër groepe vir die vak kerkgeskiedenis. Om kinders daaglik te vertel van God se groot dade is 'n Goddelike opdrag. (Deut. 6 en Psalm 78:3,4)

\* *Gedragkode*

'n Gedragkode beskryf wat daar van die gereformeerde opvoeders verwag mag word. Daarmee saam is daar 'n kode vir die onderlinge omgang, waarin die respek en liefdevolle omgang tussen alle partye in die skool beskryf word.

Is die saak hiermee afgehandel en die lêer gesluit? Het ons met bg. alles gesê wat nodig is? Nee, dit



sal nooit moontlik wees nie. Hiermee het jy wel die moontlikhede om saam 'n gereformeerde skoolgemeenskap te vorm en in stand te hou. Via die gedragskodes het jy hulpmiddels om met partye 'n gesprek te voer, indien die oorspronklike gesprekke nie na wense verloop nie.

Die identiteit van die skool vra om 'n voortdurende waaksaamheid. Die aanstel van 'n identiteitskoördineerder (in ons geval o.a. die Akademiese komitee, JM) wat dit bewaak en stimuleer, kan 'n welkome aanvulling wees om die onderwerp bespreekbaar te hou op die skool.

Die gereformeerde skool het veral gebed nodig as 'n muur om die skool heen. 'n Gebed om trou God se beloftes te onderwys en voor te leef in die skool. Trou en bewaring by sy Woord vir opvoeders en leerlinge. So 'n gebed sal steeds weer moet opstyg. Die gereformeerde skool het veral gebed nodig as 'n muur om die skool heen.

Want God self, die HERE, die God van die verbond, sal die stad bewaar. Gelukkig is die wat op sy paaie wandel, hulle mag voorspoed en seën daarop verwag: "Al die paaie van die HERE is goedertierenheid en trou vir die wat sy verbond en sy getuïenisse bewaar." (Ps. 25:10).

*J.J.D. Baas is Streeksdirekteur van die Gereformeerde Skoolvereniging Veluweplus en woon in Barneveld, Nederland. Met vergunning vertaal deur Jacqueline Meijering. ☩*

# DIE INTERNASIONALE KONFERENSIE VAN GEREFORMEERDE KERKE (ICRC)

Jelte de Vries

## RONDOM DIE KERK

In Oktober 2005 vind die vergadering van die ICRC in Pretoria plaas. Vir sommige is die ICRC 'n onbekende organisasie, vir ander vorm dit 'n mate van bedreiging, vir baie ander is dit egter 'n geleentheid om op gemeenskaplike belydenis grondslag opregte ekumeniese kontakte te kan uitoefen. Maar wat is die ICRC nou eintlik en wat is sy agtergrond, funksie en uitwerking?

Die Gereformeerde Kerke (Vrygemaakt) in Nederland (GKN(v)) het na die oorlog vir 'n lang ruk hoofsaaklik aan hulle eie sake aandag gegee. Dit het op konfrontasie uitgeloop en op 'n kerklike breuk in 1967. Hierna het 'n rustige tyd gevolg en kon daar met die werklike uitbou van kerklike kontakte begin kon word ... In die tussentyd het die Wêreldraad van Kerke egter hulle stem dik gemaak en groot invloed uitgeoefen. Verder was daar ook 'n verband van klein gereformeerde kerke onder die naam van International Conference of Christian Churches (ICCC) en die Gereformeerde Ekumeniese Sinode (GOS). Al drie organisasies het wêreldwyd geopereer en lede wat tot een van die spesifieke grondslae aangetrokke gevoel het, geworf. Die GKN (v) het besef dat hulle hier 'n agterstand gehad het en die gedagte ontwikkel dat 'n eie organisasie op wêreldvlak nodig was, omdat hulle nie in staat was om hulle te vereenselwig met een van die ander bestaande organisasies nie. Verder het daar 'n groeiende besef ontstaan dat behalwe die korresponderende kerke daar meerdere kerke is wat opreg Christus wil dien en God se Woord onverkort wil handhaaf. Sommige van die kerke was bekend, maar ander nog nie. Die hoop was om deur middel van internasionale optrede en bekendstelling in 'n wêreldwye organisasie, ook kerke te bereik wat deur die grondslag van 'n nuwe organisasie aangetrek sou voel en waarmee die eenheid in die ware geloof gevind kon word.

Om dit te realiseer is na 'n vorm van organisasie gesoek wat onafhanklik opereer, definitief nie die idee van 'n sinode sou skep nie en gelyktydig nie noodwendig slegs korresponderende kerke sou toelaat nie. Nie-korresponderende kerke sou so die geleentheid gebied word om hulself te profileer. Die idee was dat dit 'n forum sou wees, waar gedagtes uitgeruil kon word, van mekaar kennis geneem kon word, van mekaar geleer kon word, en in die geheel sou kon waarneem

waar orals in die wêreld die kerkvergaderende werk van Christus plaasvind. Kortom 'n forum waar in alle openheid gemeenskaplike waardes en verskille bespreekbaar gemaak kon word. Met as hoofdoel uiteindelik om te streef na eenheid in waarheid. In 1983 is die International Conference of Reformed Churches opgerig.

Alle korresponderende kerke is onmiddellik as lede toegelaat, ook is daar uitnodigings gestuur na kerke waarmee alreeds gesprekke gevoer is en die voorlopige kennismaking daarop gewys het dat dit kerke was wat opreg die waarheid liefhet. Uiteraard het dit ook verset teen hierdie instelling opgeroep. Sommige was bang dat hier 'n sterk ekumeniese forum gestig sou word, en dat met die beginsels van die Ware Kerk te weinig rekening gehou sou word. Ander was daarvan oortuig dat die konferensie sou ontaard in 'n sinode wat op 'n oorkoepelende basis sy gesag aan die kerke sou afdwing. Die feit dat daar vooraf 'n bidstond gehou word, was onder meer volgens sommige 'n bewys daarvan, aangesien 'n bidstond normaalweg aan sinodes vooraf gaan. In sommige korresponderende kerke is in die verlede grondig gediskusseer oor deelname al dan nie. Dit geld onder meer in Australië wat homself in 1994 onttrek het aan die ICRC.

Daar is naamlik nog altyd 'n sekere wantroue teenoor hierdie organisasie, omdat dit gesien word as 'n soort van agterdeur, waar kerke wat deur sommige as synde nie volle korrespondensie waardig nie, tog na binne gelaat word. Ander stel dat daar slegs met (amptelik erkende) ware kerke vergader kan word anders is daar geen ware eenheid nie. Indien egter na die agtergrond van hierdie soort stellings gekyk word dan blyk dit dat die worsteling veral wentel rondom sekere kerke in eie land, waarvan nie met sekerheid, volgens eie beoordeling, gesê kan word dat hulle ware kerke is nie. Tog is hierdie kerke lid van die ICRC of staan moontlik op die punt om lid te word. Die toelating van die Presbyterian Church of Eastern Australia was byvoorbeeld in Australië so 'n omstrede feit.



In Suid-Afrika het die Gereformeerde Kerke (GKSA) ook om lidmaatskap aansoek gedoen en sal dit ook die nodige diskussie oplewer. Die probleem is die kennis wat besit word oor die praktyk van kerke in eie land. Solank dit ver weg is, het baie nie 'n probleem

nie, maar as dit 'n groter kerkverband in eie land geld waaroor sekere bekommernisse is dan kan dit as 'n bedreiging ervaar word. Ook is dit gekoppel aan die gedagte dat as beide kerke mekaar erken as ware kerke, hulle noodwendig moet verenig.

## **GRONDSLAG**

Kom ons kyk nou kortliks na die grondslag van die ICRC en waarop hulle volgens eie konstitusie aanspreekbaar is.

### 1. Grondslag

Die grondslag van die konferensie is die Woord van God soos bely in die Drie Formuliere van Eenheid en die Westminster Belydenisskrifte.

### 2. Doel

- Om die eenheid in geloof wat die lidkerke in Christus het, uit te druk en te bevorder.
- Om lidkerke te bemoedig om die volste kerklike eenheid onder mekaar te soek.
- Om samewerking tussen lidkerke in die vervulling van hulle sendingsopdrag en ander mandate aan te spoor.
- Om gemeenskaplike probleme en ander sake waarmee die lidkerke gekonfronteer word, te bestudeer en om te poog om aanbevelings met betrekking tot sulke sake te gee.
- Om 'n reformeerde getuigenis aan die wêreld te gee.

### 3 Voorwaardes vir lidmaatskap.

Kerke sal toegelaat word indien hulle:

- a. getrou die gereformeerde geloof, wat in die belydenisskrifte van die grondslag verwoord word, aanhang en waarvan die kerklike standaarde aan daardie grondslag voldoen.
- b. deur minstens twee lidkerke aanbeveel word.
- c. die ICRC voorsien van:
  - hulle kerklike standaarde,
  - hulle kerklike verklaring (indien toepaslik),
  - hulle ondertekeningformuliere,
  - hulle kerkorde.
- d. nie lede van die Wêreldraad van Kerke is nie of enige ander organisasie wie se praktyke en doelwitte in stryd is met die ICRC se grondslag, soos omskryf in artikel 2, beskou word.
- e. Aanvaarding sal afhanklik wees van 'n tweederde meerderheid stem van die afgevaardigdes van die lidkerke, gebaseer op een stem per lidkerk.
- f. Beëindiging van lidmaatskap sal plaasvind deur middel van 'n tweederde meerderheidstem van die lidkerke indien bevind word dat die betrokke lidkerk in leer of praktyk nie langer met die grondslag ooreenstem nie.

### 4 Gesag

Die bevindings van die konferensie het slegs die

karakter van aanbevelings. Lidkerke sal m.b.t. hierdie bevindings ingelig word en aanbeveel word om te werk na die implementering daarvan.

### 5 Veranderings of korreksies

Die konstitusie kan aangevul word wanneer tweederde van die lede dit steun.

## **KOMMENTAAR**

Wanneer 'n mens van bogenoemde kennis neem is daar in die eerste plek 'n aantal veiligheidsmaatreëls ingebou om te verseker dat daar 'n behoorlike keuring plaasvind om te verseker dat 'n nuwe lid inderdaad die grondslag wil beoefen soos in artikel twee vasgestel. Dit is duidelik dat die konferensie as doel het om sy breër missionêre taak uit te oefen sonder om ter wille van getalle en opportunistiese denke water by die wyn te voeg. Hulle wil nie 'n teenhanger wees van ander organisasies nie, maar baie meer hul missionêre taak uitoefen en die broederskap bereik oral in die wêreld, hoe klein hulle ook mag wees, om hulle te bemoedig en by te staan in die unieke en gemeenskaplike stryd wat elkeen het om te voer.

Dit is om hierdie rede dat daar gewaak moet word teen oortrokke eie interpretasie van wat die voorwaardes vir lidmaatskap moet wees. Die argument dat daar eers eenheid in geloof, gegrond op die volle amptelike erkenning van mekaar as ware kerke, moet wees voordat daar in die ICRC vergader kan word, sal belemmerend werk op die missionêre taak wat hierdie konferensie kenmerk. Dis belangrik om te onthou dat die ICRC nie 'n sinode is nie maar net 'n konferensie wat tot doel het om die kerklike eenheid te bevorder.

Tweedens is dit dikwels 'n subjektiewe beoordeling wat die eie kerklike praktyk as die enigste moontlike praktyk tot norm verhef het. Dit is baie duidelik dat die konferensie noukeurig kyk na 'n moontlike nuwe lid. Deur eers waarnemerstatus te verleen, het lede die geleentheid om kennis te maak, en hulle self te oortuig m.b.t. die opregte intensies. Indien so 'n lid aan al die voorwaardes voldoen, wat moet so 'n konferensie dan nog meer doen? Indien 'n vals beeld voorgehou is, en tot op hede het dit nog nie plaasgevind nie, dan sal dit met verloop van jare uitkom.

In die geheel gesien is dit 'n pragtige forum wat geleentheid bied om kerke te "ontdek", die gereformeerde belydenis te bevorder en om verwonderd te staan oor waar die Heilige Gees al werksaam was en is, sonder dat ons selfs iets daarvan geweet het. Verder is dit 'n gulde geleentheid om ander kerke te help en met hulle die rykdom van die eie geskiedenis te deel. Soms om mekaar op te skerp, maar ook om van mekaar te leer ten einde moontlike eie tradisies en dwalings wat orals bestaan weer te beoordeel of reg te stel. Ons hoop dit sal 'n mooi konferensie wees tot eer van God, in navolging van Christus en tot heil van alle betrokke kerke. ☩